



UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018


forward together · saam vorentoe · masiye phambili

VERSLAG DEUR DIE VISEREKTOR (LEER & ONDERRIG)

aan

die Raad van die Universiteit Stellenbosch

Prof Arnold Schoonwinkel 30 November 2020



Inhoudsopgawe

1. INLEIDING	4
1.1 Die visie en missie van die US.....	4
1.2 Visie van die verantwoordelikeheidsentrum Leer & Onderrig	4
1.3 Die organisatoriese struktuur van die VS L&O.....	5
2. 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH	6
2.1 Huidige studentetal per fakulteit	6
2.2 Onderrig en leer as 'n inkomstebron	9
2.3 Studentesukses	10
2.4 Verwelkoming van studente	11
2.5 Studenteleierskapsontwikkeling	11
2.6 Gehalteversekering	12
3. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING	15
3.1 Studentedemografie.....	15
3.2 Meertalige programaanbod	17
3.3 Ko-kurrikulêre ontwikkeling.....	19
3.4 Toegang vir studente en personeellede met gestremdhede	21
3.5 Sorgverskaffing.....	22
3.6 Uitskakeling van diskriminasie en geweld.....	23
3.7 Toegang deur werwingsprosesse.....	24
3.8 Koshuisplasing.....	24
3.9 Finansiële bystand vir studente.....	25
4. DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE	28
4.1 Intern.....	28
4.2 Streek	29
4.3 Internasionaal	29
5. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER	29
5.1 Voortgesette programvernuwing	29
5.2 Nuwe US-programme	30
5.3 Samewerkende portuurgroepleer met portuurfasilteerders.....	35
5.4 Ontwikkeling van programme vir hibridiese leer	35
6. NAVORSING VIR IMPAK	39
6.1 Voortgesette professionalisering van akademië.....	39
6.2 Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie.....	40
7. VOORKEURWERKGEWER	40
7.1 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademië (PRONTAK).....	41

7.2	Kortkursus oor assessering.....	41
7.3	Erkenning van uitnemende onderrig en leer	41
8.	<i>SLOT</i>	42
9.	<i>BYLAE A: Struktuurveranderinge in die VS L&O 2012–2020</i>	43
10.	<i>BYLAE B: L&O-infrastruktuurontwikkeling 2012–2020</i>	47
11.	<i>BYLAE C: Chronologie van vernaamste gebeure in die Afdeling Studentesake oor die tydperk 2012–2020</i>	52
12.	<i>BYLAE D: Chronologie van vernaamste gebeure in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking oor die tydperk 2012–2020</i>	55

1. INLEIDING

Hierdie verslag beskryf die hoogtepunte van die werksaamhede in die verantwoordelikeheidsentrum Leer en Onderrig (VS L&O) vir 2020. In sommige gevalle word 'n oorsig van die twee termyne van die Viserektor (Leer & Onderrig), van sy aanstelling in Augustus 2012 tot en met 2020, gegee om die vordering te toon.

1.1 Die visie en missie van die US

Die verantwoordelikeheidsentrum Leer en Onderrig (VS L&O) lewer 'n kernbydrae tot die Universiteit Stellenbosch (US) se visie en missie. Wat die visie betref, lê die VS se aandeel opgesluit in die bewoording "waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder". Hierdie verslag sal probeer aandui dat die VS L&O dit "uitnemend, inklusief en innoverend" doen.

Die VS L&O ondersteun die US se visie en missie om Afrika se voorste *navorsingsintensiewe* universiteit te word, ook deur ons dosente se bydraes tot die akademieskap van leer en onderrig (d.w.s. navorsing oor hoe om uitnemende en kontekstuele L&O te fasiliteer). Die uittredende Viserektor (Leer & Onderrig), vele dosente en professionele steundienste, wat almal hulle lewens aan leer en onderrig wy, voel nietemin dat dit 'n vergissing was om nie 'n *leergesentreerde* fokus *uitdruklik* by die jongste visie en missie van die US in te sluit nie. Die US se L&O-intensiewe programme op voor- en nagraadse vlak het immers nog altyd die Universiteit se reputasie bevorder. En dit sal in die toekoms ook die grootste gros studente se beweegrede wees om aan die US te studeer.

Ons versoek dus dat, wanneer die US se visie en missie hersien word, die onderstreepte uitbreidings hieronder oorweeg word om gelykwaardige erkenning aan L&O te gee:

Toekomstige US-visie

Die Universiteit Stellenbosch sal Afrika se voorste navorsingsintensiewe en leergesentreerde universiteit wees wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word, en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder.

Toekomstige US-missie

Die Universiteit Stellenbosch is 'n navorsingsintensiewe en leergesentreerde universiteit wat uitmuntende studente lok, talentvolle personeel aanstel en 'n wêreldklasomgewing bied; 'n plek wat met die wêreld verbind is en gemeenskappe plaaslik, op die vasteland en in die res van die wêreld verryk en transformeer.


1.2 Visie van die verantwoordelikeheidsentrum Leer & Onderrig

Ter ondersteuning van die Universiteit Stellenbosch se Visie 2040 om "Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit" te wees "wat wêreldwyd as uitnemend, inklusief en innoverend erken word en waar ons kennis tot diens van die samelewing bevorder", is die visie van die verantwoordelikeheidsentrum van die Viserektor (Leer & Onderrig) soos volg:

- Die Universiteit Stellenbosch (US) is alle Suid-Afrikane se voorkeur- tersiêre instelling vir leer en onderrig, en verwelkom ook internasionale studente.
- Ons onderrigpedagogieë is leergerig en ingestel op die opvoedkundige behoeftes van die moderne student.
- Die US lewer wêreldklasgegradueerdes op wat 'n positiewe verskil in Afrika kan maak.
- Die afdelings van die Viserektor (Leer & Onderrig) ondersteun die US se onderrigfunksies effektief en kostedoeltreffend.
- Ons volg 'n volhoubare en langtermynbenadering wat lewenslange leer by studente en personeel bevorder.

1.3 Die organisatoriese struktuur van die VS L&O



Die VS L&O bedien studente, akademici en ander US-entiteite deur sy twee afdelings en verbandhoudende sentrums, soos wat **Figuur 1** toon. Die sentrums van die Afdeling Studentetoeegang is in Augustus 2020 deur 'n proses van institusionele herorganisasie na ander US-verantwoordelikhedssentrums verskuif. Herorganisasie is niks vreemd vir die VS L&O nie, en die verantwoordelikhedssentrum het sedert 2012 al verskeie organisatoriese veranderinge ondergaan, soos wat Afdeling 9 (bylae A) toon.




Figuur 1: Organigram van VS L&O in 2020

Die VS L&O se totale personeelkorps (permanent/tydelik, voltyds/deeltyds) het vanjaar (in Oktober 2020) op 256 te staan gekom. Soos uit **Figuur 2** blyk, was 71,1% van hulle vroue en 53,1% Suid-Afrikaanse bruin, swart en Indiërpersone.

Die VS het in die loop van die Viserektor (Leer & Onderrig) se termyn die diversiteit van sy personeelkorps suksesvol verhoog. Danksy ons uiteenlopende agtergronde kan ons nou ons diverse studentegemeenskap beter bedien. Die diversiteitsverbetering in die VS L&O word in **Figuur 3** getoon.



Figuur 2: Geslags- en rassediversiteit in die VS L&O in Oktober 2020



Figuur 3: Groei in diversiteitsprofiel van L&O-personeel

Die volgende afdelings doen verslag oor die belangrikste prestasies van die VS L&O in 2020 en bied ook, waar dit moontlik is, 'n oorsigtelike blik op die twee aanstellingstermyne van die huidige Viserektor (Leer & Onderrig), dws van 2012 tot 2020. Die verslag volg die raamwerk van die US se kern strategiese temas.

2. 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

2.1 Huidige studentetal per fakulteit


Die grootte van die Universiteit se studentekorps bepaal grotendeels die US se inkomste, die mate van studentesteun wat fakulteite en steundienste moet voorsien, sowel as die behoefte aan fisiese infrastruktuur. Die US se vorm het onder meer betrekking op die getalsverhouding tussen voor- en nagraadse studente, die demografiese samestelling van die studentekorps, en studenteverspreiding oor breë dissiplinêre groepe heen.

Tabel 1 dui die grootte en vorm van die huidige US-studentekorps volgens fakulteit en studievlak aan. Grootte en vorm aan die hand van bevolkingsgroep word **Tabel 5** in die afdeling oor “n Transformerende studente-ervaring” aangetoon.

Tabel 1: Samestelling van studente volgens fakulteit en studievlak


Fakulteit	Studentegetalle 2020 (Junie-opname)				
	Voorgraads	Nagraads	Geleentheidstudente	Totaal	% van totaal
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	5 089	3 175	271	8 535	27,1%
Lettere en Sosiale Wetenskappe	3 486	1 422	179	5 087	16,1%
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	2 595	1 903	167	4 665	14,8%
Ingenieurswese	2 968	946	53	3 967	12,6%
Natuurwetenskappe	2 274	804	90	3 168	10,0%
AgriWetenskappe	1 622	597	29	2 248	7,1%
Opvoedkunde	1 094	704	4	1 802	5,7%
Regsgeleerdheid	483	470	6	959	3,0%
Teologie	281	291	8	580	1,8%
Krygskunde	380	144	5	529	1,7%
Totaal	20 272	10 456	812	31 540	100%
% verspreiding	64,3%	33,2%	2,6%		

Die relatiewe groottes van die fakulteite en die voorgraads-tot-nagraadsverhouding per fakulteit word in **Figuur 4** en **Figuur 5** getoon.



Figuur 4: Totale studente-inskrywings per fakulteit (Junie 2020-syfers)

VG & NG studente inskrywings per fakulteit (Junie 2020)



Figuur 5: Voor- en nagraadse studente per fakulteit (Junie 2020-syfers)

Die studentetalle in **Tabel 1** kan ook volgens breë dissiplinêre groepe ingedeel word om die vorm van die US se programaanbod uit 'n ander hoek te beskou:

- Die breë gebied van die natuurwetenskappe (Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Natuurwetenskappe, AgriWetenskappe): 44,5% van totale inskrywings
- Die breë gebied van die bestuurswetenskappe (Ekonomiese & Bestuurswetenskappe, Krygskunde): 28,7% van totale inskrywings
- Die geesteswetenskappe (Lettere & Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie): 26,7% van totale inskrywings

Hieruit blyk dat die US se vorm na die dissiplinêre groep van die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT) oorhel. WIT-programme is gewoonlik duurder om aan te bied, maar beskik gelukkig

ook oor die potensiaal om 'n derde geldstroom (d.w.s. inkomste buiten studentegeld en staatsubsidies) te ontgin en in die behoefte aan skaarsvaardighede in Suid-Afrika te help voorsien.

Tabel 1 dui ook daarop dat sowat 'n derde van die US se studente nagraads is, wat 'n belangrike wesenstrek is van 'n navorsingsintensiewe universiteit. Die US spog inderdaad met die meeste navorsingsuitsette (magistergrade, doktorsgrade en publikasie-eenhede) per voltyds-ekwivalente akademikus in Suid-Afrika. Nagraadse studente is noodsaaklik om die US se navorsingsuitsette te vermenigvuldig, maar verg oor die algemeen meer individuele studieleiding as voorgraadse studente.


2.2 Onderrig en leer as 'n inkomstebron

Uitnemendheid in leer en onderrig gaan hoofsaaklik oor die gehalte en doeltreffende lewering van akademiese programme wat studente as waardevol vir hulle opvoeding en professionele aspirasies ervaar. Dít vereis professionele akademici sowel as vaardige en toegewyde professionele administratiewe steundienste- (PASD-)personeel om kurrikula te lewer en studente se ko-kurrikulêre ontwikkeling te bestuur. Uitnemende leer en onderrig is steeds wat die oorgrote meerderheid van US-studente verwag, en bly boonop die grootste bron van hoofstroominkomste (sien **Tabel 2**). Leer en onderrig van gehalte maak ook die grondslag uit vir die US se ander kernbedrywighede, naamlik navorsing en sosiale impak.

Tabel 2: US-hoofstroominkomste uit onderrig-en-leeraktiwiteite

	BEGROTING 2020		BEGROTING 2019	
	Rmiljoen	%	Rmiljoen	%
<u>Staatsubsidie</u>	1 892		1 776	
Onderriginsetsubsidie	1 197	39,6%	1 122	39,7%
Onderriguitsetsubsidie	215	7,1%	200	7,1%
Navorsingsuitsetsubsidie	477	15,8%	448	15,8%
Institusionele faktor	4	0,1%	5	0,2%
<u>Studentegeld</u>	1 126		1 053	
Voorgraadse studentegeld	895	29,7%	841	29,7%
Nagraadse studentegeld	228	7,5%	210	7,4%
Internasionale onderrigfoo	3	0,1%	3	0,1%
Totale US-hoofstroominkomste	3 018	100,0%	2 830	100,0%
Totale hoofstroominkomste uit onderrigaktiwiteite	2 307	76,4%	2 164	76,5%

Let daarop dat die 76,4% van die US-hoofbegroting wat uit onderrigverwante werksaamhede verdien word, soos wat die tabel hierbo toon, 'n konserwatiewe syfer is. 'n Aansienlike gedeelte van nagraadse studentegeld word uit die onderrig van modules in BHons-graadprogramme en nagraadse diplomas verdien, terwyl magisterprogramme met 'n lesingkomponent, waaronder MBA-grade, 'n verdere bron van onderriginkomste is. **Figuur 6** toon hoofstroominkomste uit onderrigaktiwiteite teenoor inkomste uit navorsingsaktiwiteite.



Figuur 6: Hoofstroominkomste uit onderrig en navorsing

2.3 Studentesukses

Studentesukses word beskou as 'n kombinasie van studente se akademiese prestasie in die program waarvoor hulle geregistreer is, en hulle ko-kurrikulêre (buiteklas-) prestasies gedurende hulle tyd op universiteit. Die ko-kurrikulêre sy van studenteontwikkeling word in die afdeling oor “n Transformerende studente-ervaring” beskryf.

Studentesukses is 'n produk van gesonde vennootskappe: tussen studente en die US, sowel as tussen fakulteite en steundienste.

Die US is bekend vir die hoë gehalte van sy akademiese programme sowel as sy goeie graaddeurvloeiysifers. Trouens, volgens die deurvloeiitabelle wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) gepubliseer het, is die US die toppresterder in Suid-Afrika wat studentesukses betref.

Tabel 3 toon die graaddeurvloeiysifers vir eerste en honneursgrade, sowel as die gemiddelde modulesuksessyfers vir voorgraadse programme. Dit is verblydend om 'n voorgesette verbetering op te merk in alle aanwysers van akademiese sukses onder studente, ook vir die jongste kohorte.

Tabel 3: Studentesuksessyfers in US-lesingprogramme**Drie jaar lange eerste grade**

<i>Jaar</i>	2010	2011	2012	2013	2014	2015
<i>Deurvloeisifers minimum + 2 jaar</i>	71,5%	68,6%	76,7%	72,4%	71,8%	72,5%

Vier jaar lange eerste grade

<i>Jaar</i>	2009	2010	2011	2012	2013	2014
<i>Deurvloeisifers* minimum + 2 jaar</i>	77,0%	73,5%	76,2%	75,0%	74,0%	75,4%

Honneursgrade

<i>Jaar</i>	2012	2013	2014	2015	2016	2017
<i>Deurvloeisifers minimum + 2 jaar</i>	87,3%	87,8%	86,0%	87,0%	88,4%	88,7%

Modulesuksessyfers (voorgraads)

<i>Jaar</i>	2014	2015	2016	2017	2018	2019
<i>Suksessyfers**</i>	86,0%	86,9%	86,6%	87,2%	86,7%	87,2%

* Graaddeurvloeisifers: Weerspieël kohorte tot en met dié wat in 2019 binne die minimum programduur plus twee jaar kon gradueer. Die vierjaardeurvloeisifers sluit Verlengde Graadprogram- (VGP-)studente uit.

** Modulesuksessyfers: Slegs voorgraadse syfers word hier aangedui. Die persentasie bestaan uit die getal module krediete verwerf deur studente wat die module geslaag het, gedeel deur die totale getal krediete waarvoor hulle geregistreer het.

2.4 Verwelkoming van studente

Die energie en talente van nuwe studente dra tot 'n florerende US by. Ná die amptelike verwelkoming van meer as 5 000 nuwe eerstejaars by die Danie Craven-stadion aan die begin van 2020 het die Rektooraat, dekanes en die burgemeester van Stellenbosch die nuwelinge op 'n euforiese "Droomwandeling" oor die kampus en in Victoriastraat vergesel. Dit was deel van 'n verwelkoming- en oriënteringstydperk met die doel om die nuwe studente behoorlik by die koshuis- en PSO- (Privaatstudenteorganisasie-)omgewings te laat inskakel.

2.5 Studenteleierskapsontwikkeling

Die US gaan voort om 'n aansienlike hoeveelheid tyd en hulpbronne in studenteleierskapsontwikkeling te belê. Dit is 'n kernbydraer tot 'n florerende US-studentegemeenskap en rus studente met gewenste graduandi-kenmerke toe, soos om betrokke burgers te wees wat in 'n diverse samelewing kan lei, saamwerk en doeltreffend kan funksioneer.

Deur middel van spanbouoefeninge is verhoudings tussen die spanlede van die US se Studenteraad (SR) en die Tygerbergstudenteraad (TSR) gebou, en is hulle voorberei vir hulle rol tot diens van die US-studentegemeenskap. Die opleidingsprogram was daarop uit om studenteleiers aan te spoor om kreatief te dink en gesamentlik na dieselfde doelwit te streef.

Die Sentrum vir Studentegemeenskappe hou kwartaallikse groepkonsultasies met die SR en die TSR om studente die geleentheid te bied om oor die prestasie van die verskillende SR-portefeuljes na te dink. Die Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap bly op sy beurt op hoogte van die studenteleiers se welstand en akademie.

Die Akademiese Belangeraad (ABR) het werksessies aangebied om die klasverteenvoorders in fakulteite toe te rus om hulle studente-leierskapsrol in die klaskamer uit te leef. Dit maak deel uit van die ABR en fakulteitstudentekomitees se pogings om positief tot studente se onderrig-en-leerervaring in die klas by te dra.

Laastens het die SR van 2019/20 hulle termyn suksesvol voltooi en hulle verslae aan 'n evalueringskomitee voorgelê. Die Rektooraat het op 15 Oktober 2020 'n aanlyn geleentheid aangebied om die uittredende SR en TSR vir hulle bydrae tot die US-gemeenskap die afgelope jaar te bedank. Die nuwe SR en TSR vir 2020/21 is ook aanlyn ingehuldig, op onderskeidelik 29 September en 6 Oktober 2020. In sy toespraak by dié geleentheid het die Viserektor (Leer & Onderrig) gesê: "Weens die COVID-19-pandemie moes ons almal skielik in middel-Maart groot aanpassings maak in ons normale persoonlike kontak. Nie alleen moes julle julle akademiese werk deur middel van noodafstandsleer voortsit nie, maar julle het ook goed daarin geslaag om julle SR-verpligtinge in die aanlyn ruimte uit te voer. Julle kan trots wees op alles wat julle in hierdie buitengewone jaar bereik het!"

2.6 Gehalteversekering

Om uitnemend te wees, moet die US oor prosesse vir voortdurende gehalteverbetering en gereelde gehaltebeoordeling deur eksterne eweknieë van aansien beskik.

Die Gehaltekomitee het in 2020 soos gebruikelik weer die verslae beoordeel van 'n verskeidenheid US-entiteite wat 'n eksterne evalueringsproses ondergaan het. Departemente het deur die bank bevestig dat, hoewel dit 'n veeleisende proses is, dit tot voortgesette gehalteverbeteringe in hulle omgewings lei. Die werk van ervare kollegas uit die fakulteite en steunomgewings, wat onbaatsugtig in die Gehaltekomitee dien, het groot waarde toegevoeg, en word met waardering erken. **Tabel 4** dui die groot getal US-entiteite aan wat oor die afgelope agt jaar die proses van eksterne evaluering ondergaan het.

Tabel 4: Eksterne evaluering van US-omgewings

Jaar	Eksterne evaluering	Tweejaar-opvolgverslae
2012 8 Nov (Die evaluering van 15 Aug is deur die tussentydse VR, prof W van der Merwe, gelei.)	1. Skool vir Wetenskap en Tegnologie 2. Afdeling Fasiliteitsbestuur 3. Sentrum vir Studentegemeenskappe 4. Dept Opvoedkundige Sielkunde 5. Dept Opvoedingsbeleidstudie	1. Afdeling Akademiese Administrasie 2. Afdeling Finansies 3. Afdeling Telematiese Dienste 4. Dept Chemie en Polimeerwetenskap 5. Dept Privaatreg 6. Skool vir Rekeningkunde 7. Dept Sielkunde 8. Dept Wiskundige Wetenskappe 9. Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling 10. US Museum
2013 13 Feb 10 Mei 14 Aug	1. Dept Filosofie 2. Dept Bewaringsekologie en Entomologie 3. Dept Landbou-ekonomie 4. Dept Politieke Wetenskap 5. Dept Geskiedenis 6. Dept Maatskaplike Werk 7. Dept Mikrobiologie 8. Maties Sport	1. Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning 2. Afdeling Menslike Hulpbronne 3. Dept Handelsreg
2014	1. Dept Ondernemingsbestuur	1. Dept Aardwetenskappe

12 Feb 15 Mei 7 Aug	2. Dept Geografie en Omgewingstudie 3. Dept Afrikaans en Nederlands 4. Dept Bos- en Houtkunde 5. Skool vir Publieke Leierskap 6. Dept Kurrikulumstudie 7. Biblioteek- en Inligtingsdiens 8. Skool vir Georuimtelike Studies en Inligtingstelsels 9. Fakulteit Teologie 10. Dept Privaatreg 11. Dept Biochemie 12. Skool vir Sekerheids- en Afrikastudies 13. Nasionale evaluering van die program Baccalaureus in Maatskaplike Werk, Dept Maatskaplike Werk	2. Dept Drama 3. Dept Agronomie 4. Dept Statistiek en Aktuariële Wetenskap 5. Dept Plantpatologie
2015 11 Feb 30 Apr 13 Aug 22 Okt	1. Afdeling Gemeenskapsinteraksie 2. Afdeling Institusionele Bevordering 3. Dept Engels 4. Dept Wingerd- en Wynkunde (en die Instituut vir Wynbiotegnologie) 5. Afdeling Regsdienste 6. Dept Musiek 7. Dept Antieke Studie 8. Dept Joernalistiek 9. Nagraadse en Internasionale Kantoor 10. Dept Publikereg 11. Skool vir Verdedigingsorganisasie en -hulpbronbestuur 12. Skool vir Menslike en Organisasoriese Ontwikkeling 13. Afdeling Navorsingsontwikkeling 14. Dept Handelsreg 15. Regshulpkliniek 16. Dept Fisika 17. Dept Afrikatale	1. Sentrum vir Studentegemeenskape 2. Afdeling Fasiliteitsbestuur 3. Dept Opvoedingsbeleidstudie 4. Dept Genetika 5. Dept Maatskaplike Werk 6. Dept Politieke Wetenskap 7. Dept Geskiedenis 8. Dept Filosofie 9. Dept Bewaringsekologie & Entomologie 10. Dept Mikrobiologie 11. Dept Opvoedkundige Sielkunde 12. Biblioteek- en Inligtingsdiens 13. Dept Landbou-ekonomie
2016 10 Feb 18 Apr 23 Jun 12 Aug 20 Okt	1. Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur 2. Dept Ekonomie 3. Dept Grondkunde 4. Dept Chemie en Polimeerwetenskap 5. Dept Plant- & Dierkunde 6. Innovus 7. Dept Veekundige Wetenskappe 8. Dept Moderne Vreemde Tale 9. Dept Sosiologie en Sosiale Antropologie	1. Dept Afrikaans en Nederlands 2. Dept Geografie en Omgewingstudie 3. Maties Sport 4. Dept Bos- en Houtkunde 5. Dept Ondernemingsbestuur 6. Fakulteit Teologie 7. Skool vir Publieke Leierskap 8. Skool vir Georuimtelike Studies en Inligtingstelsels 9. Departement Kurrikulumstudie

	<ul style="list-style-type: none"> 10. Afdeling Inligtings- en Kommunikasie-tegnologie 11. Dept Algemene Taalwetenskap 12. Dept Sportwetenskap (en Biokinetikasentrum) 13. Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (terreinbesoek in 2014) 14. Dept Sielkunde 	<ul style="list-style-type: none"> 10. Evaluering van Skool vir Rekeningkunde deur SA Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters 11. Dept Maatskaplike Werk (nasionale evaluering) 12. Dept Privaatreg 13. Afdeling Institusionele Bevordering 14. Skool vir Sekerheids- en Afrikastudies 15. Dept Biochemie
2017 24 Apr 22 Jun 11 Aug 19 Okt 24 Nov	<ul style="list-style-type: none"> 1. Dept Wiskundige Wetenskappe (Toegepaste Wiskunde, Rekenaarwetenskap, Wiskunde) 2. Dept Fisiologiese Wetenskappe 3. Dept Voedselwetenskap 4. Dept Hortologie 5. Dept Logistiek 6. Dept Visuele Kunste 7. Afdeling Menslike Hulpbronne 8. US Museum 9. Dept Inligtingwetenskap 10. Afdeling Institusionele Navorsing en Beplanning 11. Afdeling Leer- en Onderrigverryking 12. Afdeling Studentesake 13. Afdeling Akademiese Administrasie 14. Verantwoordelikheidsentrum Leer en Onderrig 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Dept Engels 2. Dept Antieke Studie 3. Afdeling Gemeenskapsinteraksie 4. Dept Musiek 5. Dept Joernalistiek 6. Afdeling Regsdienste 7. Nagraadse en Internasionale Kantoor 8. Dept Wingerd- en Wynkunde (en Instituut vir Wynbiotegnologie) 9. Skool vir Menslikehulpbron-ontwikkeling 10. Skool vir Verdedigingsorganisasie en -hulpbronbestuur 11. Afdeling Navorsingsontwikkeling 12. Dept Afrikatale 13. Dept Fisika 14. Dept Publikereg 15. Dept Handelsreg
2018 7 Feb 26 Apr 21 Jun 2 Aug 18 Okt	<ul style="list-style-type: none"> 1. Dept Bedryfsielkunde (akkreditasie deur Gesondheidsberoepsraad) 2. Afdeling Finansies 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Innovus 2. Dept Ekonomie 3. Dept Sportwetenskap (en Biokinetikasentrum) 4. Departement Chemie en Polimeerwetenskap 5. Departement Sosiologie en Sosiale Antropologie 6. Dept Plant- en Dierkunde 7. Departement Veekundige Wetenskappe 8. Dept Grondkunde 9. Dept Algemene Taalwetenskap 10. Dept Sielkunde 11. Dept Moderne Vreemde Tale 12. Afdeling Informatietegnologie 13. Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur 14. Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

		15. Skool vir Rekeningkunde
2019	<ol style="list-style-type: none"> 1. Dept Prosesingenieurswese 2. Dept Bedryfsingenieurswese 3. Dept Siviele Ingenieurswese 4. Dept Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese 5. Dept Meganiese Ingenieurswese 6. Dept Megatroniese Ingenieurswese 7. Fakulteit Teologie 8. Dept Geskiedenis (Lettere & SW) 9. Dept. Filosofie (Lettere & SW) 10. Dept Agronomie (AgriWetenskappe) 11. Dept Landbou-ekonomie (AgriWetenskappe) 12. Dept Plantpatologie (AgriWetenskappe) 13. Skool vir Georuimtelike Studies en Inligtingstelsels (Krygskunde) 14. Skool vir Wetenskap en Tegnologie (Krygskunde) 15. Dept Statistiek en Aktuariële Wetenskap (EBW) 16. Skool vir Publieke Leierskap (EBW) 17. Maties Sport 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Fisiologiese Wetenskappe (Natuurwetenskappe) 2. Wiskundige Wetenskappe (Natuurwetenskappe) 3. Moderne Vreemde Tale (Lettere & SW) 4. Inligtingwetenskap (Lettere & SW) 5. Visuele Kunste (Lettere & SW) 6. Logistiek (EBW) 7. Hortologie (AgriWetenskappe) 8. Voedselwetenskap (AgriWetenskappe) 9. Afdeling Menslike Hulpbronne (VR(SITP)) 10. US Museum (VR(SITP)) 11. Afdeling Studentesake (VR(L&O)) 12. Afdeling Studentetoegang (VR(L&O)) 13. Afdeling Leer- en Onderrigverryking (VR(L&O)) 14. Registrateursafdeling (Rektor VS) 15. VS van die Viserektor (Strategie & Internasionalisering) (VR(S&I)) 16. Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (voorheen Afdeling Institusionele Navorsing en beplanning) (VR(S&I))
2020 11 Mrt 14 Mei 17 Jul <u>20 Aug</u> (spesiale vergadering oor RHO se konsepgehalteversekerings-raamwerk) 14 Sep	<ol style="list-style-type: none"> 1. Dept Filosofie 2. Dept Plantpatologie 3. Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (EFMD Global EQUIS-akkreditasie) 4. Skool vir Publieke Leierskap 5. Skool vir Wetenskap en Tegnologie 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Dept Inligtingwetenskap 2. Dept Bedryfsielkunde (Gesondheidsberoepsraad) 3. Afdeling Finansies

3. 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

3.1 Studentedemografie


Een manier om 'n ryke en relevante leerervaring op Stellenbosch te verseker is deur 'n diverse studentegemeenskap te hê. Studente-inskrywingsbestuur geskied deur middel van jaarlikse gesprekke met dekane om mikpunte vir voor- en nagraadse innames per program sowel as vir studenterrassedemografie vas te stel. Werklike en geskatte studentegetalle aan die einde van Junie 2012, 2020 en 2026 verskyn in **Tabel 5** hieronder.

Tabel 5: Werklike en geskatte studentetalle vir alle US-studente volgens studievlak en ras

Studievlak Ras	Werklik		Geprojekteer	%Groei
	2012	2020	2026	2012 - 2020
Nuveling eerstejaars				
Wit/Onbekend	3 067	3 189	3 040	3.98%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	1 072	2 044	2 578	90.67%
TOTAAL	4 139	5 233	5 618	26.43%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	25.90	39.06	45.89	
Voorgraads				
Wit/Onbekend	12 553	12 266	11 778	-2.29%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	4 595	8 006	10 148	74.23%
TOTAAL	17 148	20 272	21 926	18.22%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	26.80	39.49	46.28	
Nagraads (voor Magister)				
Wit/Onbekend	1 702	1 868	1 972	9.75%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	1 717	2 207	2 408	28.54%
TOTAAL	3 419	4 075	4 380	19.19%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	50.22	54.16	54.98	
Nagraads (Magister)				
Wit/Onbekend	2 831	2 335	2 504	-17.52%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	2 151	2 439	2 357	13.39%
TOTAAL	4 982	4 774	4 861	-4.18%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	43.18	51.09	48.49	
Nagraads (Doktoraal)				
Wit/Onbekend	730	787	868	7.81%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	506	820	776	62.06%
TOTAAL	1 236	1 607	1 644	30.02%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	40.94	51.03	47.20	
Nagraads				
Wit/Onbekend	5 263	4 990	5 344	-5.19%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	4 374	5 466	5 541	24.97%
TOTAAL	9 637	10 456	10 885	8.50%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	45.39	52.28	50.90	
Geleentheidstudente				
Wit/Onbekend	786	621	934	-20.99%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	252	191	406	-24.21%
TOTAAL	1 038	812	1 340	-21.77%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	24.28	23.52	30.30	
Alle studente				
Wit/Onbekend	18 602	17 877	18 056	-3.90%
Bruin, Swart, Indiër en Asiër	9 221	13 663	16 095	48.17%
TOTAAL	27 823	31 540	34 151	13.36%
% Bruin, Swart, Indiër en Asiër	33.14	43.32	47.13	

Voorgraadse diversiteit (d.w.s. studente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- (BSIA-) bevolkingsgroepe) het van 38,7% in 2019 tot 39,5% in 2020 toegeneem, terwyl diversiteit op nagraadse vlak van 52,1% tot 52,3% gestyg het.

'n Treffende uitbeelding van die verandering in studente se rassedemografie verskyn in **Figuur 7**, wat die verandering in BSIA- en wit eerstejaars vir die tydperk 2012 tot 2020 toon. Terwyl die getal wit eerstejaarstudente ongeveer konstant op net meer as 3 000 gebly het, het die getal BSIA-studente bykans verdubbel van 1 072 in 2012 tot 2 044 in 2020. BSIA-studente maak nou bykans 40% van die US se eerstejaarstudente uit.



Figuur 7: Nuwelingeerstejaarstudentegroei volgens rassegroep

3.2 Meertalige programaanbod

Die US is as 'n wêreldklas- meertalige Suid-Afrikaanse universiteit geposisioneer – een van net 'n paar in hierdie kategorie – wat broodnodig is in 'n land met 11 amptelike tale. Daarom is dit van die allergrootste belang dat die Universiteit sorg dat taal nie toegang verhoed nie, maar sukses ondersteun, veral in diverse onderwysomgewings. Dít maak die bevordering van meertaligheid sonder uitsluiting een van die belangrikste wesenstrekke van die US.

Die US se Taalbeleid van 2016 is eers in die hooggeregshof en toe in die Konstitusionele Hof aangeveg omdat dit, aldus die litigant, studente wat verkies om in Afrikaans te studeer van gelyke regte ontnem. Die US hou vol dat sy Taalbeleid wél alle Suid-Afrikaanse studente gelyke toegang bied. Die Konstitusionele Hof het dit ook op 10 Oktober 2019 in sy uitspraak bevestig deur die US se Taalbeleid baie duidelik as grondwetlik geregverdig te verklaar. Die hof het ook die doel van die Taalbeleid bevestig, naamlik om toegang tot, en meertaligheid by, die Universiteit te bevorder, en die akademiese en loopbaansukses van studente en personelede te ondersteun. Boonop het die hof bevind dat die proses wat die Universiteit gevolg het om die beleid te aanvaar “deeglik, omvattend, inklusief en behoorlik beraadslagent” was.

Die US hou tred met sy meertalige voorgraadse onderrig-aanbod, soos wat **Tabel 6** hieronder toon. Die syfers in die tabel is bereken deur eers die totale getal modulekrediete op te tel wat in elk van die drie vorme aangebied word, en dan die relatiewe persentasies te bepaal.


Die getal parallelmediummodulekrediete het van 2019 tot 2020 effens afgeneem, dubbelmediummodulekrediete het min of meer dieselfde gebly, en enkelmediummodulekrediete het effens toegeneem. Die afname in die parallelmediumaanbod is omdat die getal studente wat in Afrikaans onderrig wil word in sommige modules dermate afgeneem het dat daar noodgedwonge na dubbelmedium oorgeskakel moes word. Die toename in enkelmediummodulekrediete is meestal weens

'n groter getal akademiese aanstellings wat slegs in Engels kan klas gee. Let egter daarop dat studente in alle onderrigvorme toegang het tot aanvullende leerfasilitering (bv. tutoriale) in sowel Afrikaans as Engels, en soms ook in Xhosa.


Tabel 6: Voorgraadse aanbod volgens aanbiedingsmetode

	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020
Afrikaans en Engels vir PARALLELLE klasgroepe (parallelmedium)	16,6%	15,4%	17,5%	20,9%	21,6%	20,7%	19,4%
SOWEL Afrikaans as Engels in DIESELFDE klasgroep (dubbelmedium)	62,9%	69,5%	69,5%	64,6%	62,0%	59,6%	59,9%
SLEGS Afrikaans of Engels vir die hele klasgroep (enkelmedium)	20,4%	15,1%	13,0%	14,5%	16,1%	19,7%	20,7%

Die verandering in die aanbod van modulekrediete per aanbiedingsmetode word grafies in **Figuur 8** voorgestel. Die projeksie vir 2021 in die grafiek dui op 'n voortsetting van die dalende tendens in die parallelmediumaanbod sowel as die opwaartse tendens in die enkelmediumaanbod. Dit kan verklaar word deur die huistaalverspreiding en voorkeuronderrigtaal van studente te ondersoek. **Figuur 9** toon dat net ongeveer 60% van studente met Afrikaans as huistaal verkies om hulle voorgraadse onderrig in Afrikaans te ontvang. Gevolglik het die vraag na parallelmediumonderrig in sommige modules weglaatbaar klein geword.



Figuur 8: Verandering in modulekredietaanbod per aanbiedingsmetode



Figuur 9: Tendense in huistaal vs voorkeuronderrigtaal

3.3 Ko-kurrikulêre ontwikkeling

Benewens toegang tot 'n akademiese aanbod van gehalte wat tot suksesvolle studie lei, put studente ook groot waarde uit die US se omvattende ko-kurrikulêre aanbod. Om studente ko-kurrikulêre ontwikkelingsgeleenthede te help identifiseer wat met hulle belangstellings en behoeftes strook, voorsien die US se Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap 'n ko-kurrikulêre prospektus met inligting oor die talle ervaringsleergeleenthede wat by die Universiteit beskikbaar is.

'n Bevoegdheidsraamwerk is ook in 2019 ontwikkel om aan te dui presies wat studente moet bereik om op hulle graadtranskripte erkenning vir hulle ko-kurrikulêre ontwikkeling te kry. Dít maak die verwesenliking van graduandi-kenmerke en ko-kurrikulêre vaardighede tasbaar en duidelik vir toekomstige werkgewers en kliënte.

Universiteit Stellenbosch Konferensie oor Ervaringgerigte Opvoeding ([SUEEC](#))

Die Universiteit het op 10 en 11 November 2020 sy eerste konferensie oor ervaringgerigte opvoeding aangebied, wat ook toevallig die instelling se eerste internasionale aanlyn konferensie was. Die konferensietema was "Ervaringgerigte opvoeding as pedagogie vir maatskaplike geregtigheid: Praksis en praktyk vir die ontwikkeling van 21ste-eeuse wêreldburgerleiers". Die doel van die SUEEC was om ontluikende tendense en verskuiwings in die ko-kurrikulumdomein van die hoër onderwys te ondersoek, sowel as hoe dit by maatskaplike geregtigheid en die ontwikkeling van wêreldburgerleiers aansluit. Dít strook met die US se kern strategiese temas van 'n transformerende studente-ervaring, genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, navorsing vir impak, doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke. Inligting oor die vyf konferensiestrome is [hier](#) te kry, en die program is [hier](#) beskikbaar. Die Rektor van die US het die geleentheid geopen, waarna wêreldbekende hoofsprekers en vakkundiges aan die woord was. Klik [hier](#) vir besonderhede oor die sprekers, en [hier](#) vir opsommings van hulle toesprake.

Verteenwoordigers van uiteenlopende lande soos Singapoer, die Verenigde State, die Verenigde Koninkryk, Kanada, Duitsland, Ghana, Nigerië, Kenia, Namibië, Spanje en die Verenigde Arabiese Emirate het vir 'n waarlik internasionale gesprek ingeskakel. Suid-Afrikaanse universiteite wat verteenwoordig was, was die US, die universiteite van Kaapstad en Wes-Kaapland, Sefako Makgatho Universiteit vir Gesondheidswetenskappe, die Sentrale Universiteit vir Tegnologie, die Universiteit van die Vrystaat, die Durbanse Universiteit vir Tegnologie, Noordwes-Universiteit, die Universiteit van Pretoria en Nelson Mandela Universiteit. Deelnemers het ook verteenwoordigers van hoërskole en burgerlikesamelewingsorganisasies ingesluit. Nadat akademiese referate en gevallestudies aangebied is, het afgevaardigdes beraadslaag oor die volgende stappe om 'n interkontinentale ervaringsleergemeenskap eie aan Afrika tot stand te bring.

Ko-kurrikulêre erkenning 2020

Danksy die sterk vennootskap wat in 2020 tussen die Sentrum vir Leertegnologieë, Informasietegnologie en die Ko-kurrikulumkantoor gevorm is, kon die meeste ko-kurrikulêre aktiwiteite gedurende die COVID-19-pandemie na *aanlyn* ervaringsleer oorskakel. Derhalwe kon bewysgebaseerde leer deur studente wat aan goedgekeurde ko-kurrikulêre aktiwiteite deelneem, steeds op studente se transkripte erken word. Die Ko-kurrikulumkantoor het 'n platform voorsien vir Studentebestuur om 'n ten volle aanlyn Studenteraadsverkieping vir die US se verskillende kampusse te hou. Daarvoor het alle kiesbeambptes erkenning op hulle akademiese transkripte ontvang – 'n eerste vir 'n Suid-Afrikaanse universiteit.

Die getal ervaringgerigte opvoedingsaktiwiteite wat deur die Ko-kurrikulumerkenningskomitee erken word, het van vyf in 2017 (toe die Ko-kurrikulumkantoor geskep is) tot 34 in 2020 toegeneem. **Tabel 7** hieronder toon die getal studente wat in 2020 erkenning op hulle transkripte sal ontvang, volgens ko-kurrikulêre program. Veral leierskapsontwikkeling ontvang heelwat belangstelling (maak 52% van deelnemers uit). Ander gewilde programme is sosiale impak (21%), persoonlike leierskap (12%), akademiese leierskap (9%) en tussenkultuurskakeling (6%).

Dit is bemoedigend dat, ondanks die uitdagings verbonde aan COVID-19, altesaam 1 246 studente in 2020 transkriperkenning sal ontvang, teenoor slegs 410 studente in 2018 en 1 068 studente in 2019.

Tabel 7: Ervaringsleeraktiwiteite wat in 2020 op transkripte erken sal word

Ervaringsleeraktiwiteite	Getal studente
Akademiese Belangeraad	20
Akademie vir Ontwikkeling	10
Aktiveer Betrokke Burgerskap	42
Ontwikkelingsprogram vir Klustersameroepers	12
Kultureel Responsiewe Onderrig	80
Die Matie	1
Eendrag-leierskapkursus	19
Ontwerp Volhoubare Oplossings deur Gemeenskapsamewerking	15
Ontwikkelingsprogram vir Uitvoerende Klustersameroepers	1
Ontwikkelingsprogram vir Huiskomitees	259
Lei met Gestremdheid	1
Maties Sport	23
Verlengde Graadprogram-mentor (Lettere & Sosiale Wetenskappe)	32
Militêre Akademie	17

Ontwikkelingsprogram vir Prims	37
Rektorstoekennings	76
Vaardigheidsontwikkeling vir Volhoubare Organisasies sonder Winsoogmerk	5
Verenigingsraad	72
Uitvoerende Leierskapsopleiding vir die SR	20
Bestuur van die SR-studenteleierskapsverkiesing	6
Studentehof	5
Studenteparlement	1
SU BeWell-mentor	337
US-hoofmentorprogram	27
US Toastmasters-redekuns	6
Die Luister-, Leef- en Leer-inisiatief (LLL)	54
Leierskapsopleiding vir die TSR	18
Tygerberg Akademiese Belangeraad	23
Tygerberg-verenigingsraad	21
Bestuur van die TSR-studenteleierskapsverkiesing	6
Totaal	1 246

3.4 Toegang vir studente en personeellede met gestremdhede

Die Eenheid vir Gestremdhede (EG) het die afgelope agt jaar nie net groei beleef in die getal studente wat hy bedien nie, maar het hom ook as 'n geloofwaardige en doeltreffende steunomgewing gevestig.

In 2012 het die EG maar 'n skrale vyf jaar bestaan, met weinig of geen teenwoordigheid op die US se webtuiste. In 2013 het die DHOO infrastruktuurfinansiering goedgekeur om gestremdhedsinsluiting op kampus te ondersteun. Saam met die US se eie bydrae, is R12,7 miljoen uiteindelik bewillig om fisiese en hulptegnologietoegang te verbeter. In 2014 het die FirstRand-stigting R200 000 vir vier studentebeurse van R50 000 elk beskikbaar gestel. Op grond van die sukses van hierdie eerste finansieringsjaar is dié steun later tot R1,2 miljoen se beursbystand vir ses studente vir 2015 en 2016 uitgebrei.

Weens die toenemende getal studente wat aan die US kom studeer, het studente se behoefte aan klaskamer-, toets- en eksamensteun fakulteite kort voor lank begin oorweldig. In hierdie stadium het die Komitee vir Ekstra Skryftyd besluit om sy menslike hulpbronne uit te brei, en is die fakulteite Ekonomiese en Bestuurswetenskappe sowel as Ingenieurswese genooi om by die komitee aan te sluit. Dit het werksverhoudinge tussen fakulteite en steundienste verbeter en 'n beter begrip gevorm van kursusuitkomste in fakulteite en van gestremde studente se vereistes in die klaskamer en gedurende toetse en eksamens.

In 2017 het die EG sy tiende bestaansjaar gevier. Ter viering van dié mylpaal het hulle by die Woordfees daardie jaar 'n boekie bekend gestel oor huidige en oudstudente van die US wat uitdagings te bowe gekom het. Die verhale wat vertel is en die vordering in die strewe na 'n gestremdhedsinklusiewe kampus was merkwaardig, maar daar het nog 'n lang pad voorgelê.

Daardie selfde jaar het die US sy eerste Dowe studente tot die program BEd (Grondslagfase) in die Fakulteit Opvoedkunde toegelaat. Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) is as onderrigtaal bekend gestel, tesame met twee SAGT-tolke in die klas.

Die FirstRand-stigting het ook sowat R6 miljoen se beursfinansiering vir studente met gestremdhede vir 2017–2019 goedgekeur. Hierdie beurse was allesomvattend, en het menslike ondersteuning soos versorgersteun, ekstra rolstoel, gidshondsteunfooie en hulptegnologieë ingesluit, sowel as akademiese tutors en ander buitekampussteun wat studente moontlik kon nodig kry.

Ons het ook in Junie 2017 ons eerste twee dae lange seminaar aangebied waar ons universele toegang, universele ontwerp en universele ontwerp vir leer ondersoek het, en op die kernbeginsels in die US se hersiene Beleid oor Gestremdheidstoegang gekonsentreer het. Deelnemers aan die seminaar het kenners oor gestremdhedsinklusiewe onderwys ingesluit, waaronder dr Judith Mackenzie van die Universiteit van Kaapstad en dr Elizabeth Dalton van die Verenigde State, wat in universele ontwerp vir leer spesialiseer.

In die hersiening van ons gestremdhedsbeleid, wat in 2018 aanvaar is, is die omvang van gestremdhedsinsluiting uitgebrei om sowel studente as personeellede met gestremdhede in te sluit. Dit het ons denkverskuiwing weerspieël om gestremdheid te beskou as 'n saak van menseregte en universele toegang, en om te aanvaar dat, in die konteks van 'n deernisvolle instelling, alle mense die een of ander mate van sorg vereis.

Die EG het ook deelgeneem aan die Siyakhula-praatjereeks oor transformasie, en het al hoe meer met die Transformasiekantoor en Menslike Hulpbronne saamgewerk. Werksessies vir personeellede was die hooffokus.

In 2019 het die EG die eerste aflewering van Lei met Gestremdheid – 'n geakkrediteerde ko-kurrikulêre kursus vir studente – bekend gestel. Die SAGT-werksessies, vir diegene wat graag basiese gebaretaal wil leer, is ook voortgesit.

Boonop staan die EG 'n Teologiestudent by met brailleweergawes van leermateriaal in Bybelse Grieks. Dit is die eerste keer wat leesmateriaal in 'n taal wat nie die Romeinse alfabet gebruik nie, by die US in braille beskikbaar gestel word.

Jaar van Gestremdheid (2020)

Die jaar 2020 is op 3 Desember 2019 tot die Jaar van Gestremdheid verklaar om vir 'n oomblik stil te staan, te besin oor hoe ver ons gevorder het én vir die toekoms te beplan. Die FirstRand-stigting het vir 2020 tot 2021 toelaes van altesaam sowat R10 miljoen aan studente met gestremdhede toegeken, met inbegrip van voor- en nagraadse steun. Dit was 'n ongelooflike 13^{de} verjaardaggeskenk vir ons studente.

Vanaf Februarie 2020 het die EG elke maand 'n artikel deur 'n personeellid of 'n student met gestremdheid geplaas waarin die skrywers vertel van hulle reis aan die US, van die beskikbare steun, en van studie met hulle gestremdheid, en wenke gee oor hoe ons gestremdhedsinsluiting kan bevorder.

Ons het in September 'n mylpaalseminaar oor die Jaar van Gestremdheid gehou waar personeellede en studente sterkpunte en geleenthede kon uitlig. Sterkpunte wat uitgewys is, was 'n goeie beleidsraamwerk, goeie hulptegnologie en toeganklike materiaalsteun, algehele sorg, en welwillendheid om studente te ondersteun. Gebiede wat aandag kort, is personeelopleiding oor gestremdhede, die identifisering van 'n toegewyde kantoor om personeel met gestremdhede te ondersteun, en die versterking van inisiatiewe om beleid in praktyk om te skakel.

Die US het al ver gevorder om personeel en studente met gestremdhede gelyke geleenthede te bied. Nietemin is daar steeds heelwat ruimte om verder te verbeter op wat reeds bereik is.

3.5 Sorgverskaffing

Universiteite wêreldwyd besef toenemend hulle verantwoordelikheid om na studente se geestesgesondheid om te sien. In dié verband voorsien die US se Eenheid vir Psigoterapeutiese en Ondersteuningsdienste (EPOD) in die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) deurlopend individuele psigososiale en psigoterapeutiese studentekonsultasies en -groepwerksessies.

Die afgelope jaar het die getal konsultasies, sowel as die erns van die betrokke probleme en die getal gevolglike diagnoses, drasties toegeneem. Eksterne konsultante moes gereeld gekontrakteer word om EPOD die werkklas te help hanteer. EPOD het vir Geestesgesondheidsmaand (Oktober) ook verskeie aktiwiteite van stapel gestuur om bewustheid te wek van die studentesteundienste wat by die US beskikbaar is.

In die besonder moes traumaberading voorsien word aan studentegemeenskappe wat erg geraak is deur gebeure soos, studentesterftes of ernstige beserings in onnatuurlike omstandighede, sowel as geslagsgebaseerde geweld op die US se kampusse. Studente op Tygerbergkampus moes selfs méér bystand ontvang om die trauma verbonde aan pasiënte se gesondheidstoestande te verwerk. Van die metodes wat gebruik is om hierdie trauma te hanteer het ingesluit die skep van veilige ruimtes om oor geslagsgebaseerde geweld te praat, rouberading, trauma-ontlonting, en die voorsiening van inligting oor hoe om depressie en angs te identifiseer. Boonop is verskeie praatjies oor studentegeestesgesondheid in akademiese departemente en studente-leefomgewings aangebied.

Studente-leiers beleef ook dikwels erge druk van die gemeenskappe vir wie hulle werk, sowel as om hulle portefeuljes saam met hulle akademiese verpligtinge te behartig. Om hulle by te staan, het die SSVO in April 'n werksessie vir die SR aangebied. Die doel was om na te dink en te gesels oor die eerste kwartaal, en om opleiding in selfsorg te voorsien.

3.6 Uitskakeling van diskriminasie en geweld

Die US is verbind tot die uitwissing van alle onbillike diskriminasie en enige vorm van teistering en geweld op sy kampusse. Die Universiteit belê voortdurend hulpbronne in sy gevestigde organisatoriese strukture om dié doel te bereik. Samewerking tussen die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG), die Institusionele Transformasiekomitee en die Transformasiekantoor is nou gestroomlyn om nie-amptelike klagtes in fakulteite en afdelings te hanteer. Daarbenewens is sewe adviespaneellede opgelei om voorlopige ondersoeke na amptelike klagtes oor onbillike diskriminasie en seksuele teistering te onderneem.

Die US se stryd teen geslagsgebaseerde geweld het in 2020 behoorlik vaart gekry. Verskeie studente- en personeelaksies op ons kampusse het die soeklig sterk op hierdie sosiale euwel laat val. Ná 'n reeks samesprekings tussen die Rektooraat en lede van die SR, die TSR en die Beweging teen Geslagsgeweld by die US is daar op doelgerigte gesamentlike aksie besluit. Die proses is afgeskop met die skep van ses werkgroepe wat deur die senior direkteur van Studentesake, dr Choice Makhetha, gekoördineer is. Die werkgroepe het uit US-personeel en -studente bestaan en 'n Rektooraatslid is ook aan elke groep toegeken. Die temas wat die onderskeie groepe ondersoek het, was soos volg:

1. Waardes en beginsels
2. Prosedures en prosesse
3. Koshuise en studentestrukture
4. Geestesgesondheid, alkohol en middelmisbruik
5. Opleiding en bewusmaking
6. Kampusveiligheid

Die werkgroepe se verslae is in Julie 2020 voorgelê aan, en bespreek deur, die Rektooraat. Die Rektooraat het later by monde van die Rektor bevestig:

“Die verslag herbeklemtoon die Universiteit Stellenbosch (US) se nulverdraagsaamheidsbenadering tot geslagsgebaseerde geweld, en dat ons daartoe verbind is om 'n omgewing en institusionele kultuur sonder geslagsgeweld te skep wat gelyke regte en sosiale geregtigheid vir almal bevorder. Ons veroordeel geslagsgebaseerde geweld en sal dit nie duld nie, en daarom werp ons alle beskikbare hulpbronne in die stryd om dit uit te roei.”

Uit die Rektooraat se bespreking van die verslae het 'n hele aantal aksies voortgespruit, wat verskeie afdelings, sentrums, personeel en studente van die US nou van stapel stuur. Heelwat van die aksies

word deur die verantwoordelikeheidsentrum van die Viserektor (Leer & Onderrig) in samewerking met studentegemeenskappe onderneem.

Die DHOO het ook 'n beleidsraamwerk uitgereik om geslagsgebaseerde geweld in die naskoolse onderwys- en opleidingstelsel die stryd aan te sê. Hierdie raamwerk sal as rigsnoer dien vir die herskikking van die US se bestaande Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering om geslagsgebaseerde geweld, MIV/vigs, seksuele aanranding, teistering en onbillike diskriminasie op 'n geïntegreerde, omvattende manier te hanteer. Die DHOO-beleidsraamwerk bied 'n stewige grondslag waarop die US sy pogings teen gendergeweld stelselmatig kan versterk.

3.7 Toegang deur werwingsprosesse

Fakulteite en die Afdeling Studentetoegang werk saam om studente met akademiese meriete aktief te werf en toegang tot die US se leergeleenthede te bied. Die studentewerwings- en loopbaanadviesspan het in Februarie en Maart verskeie bemarkingsaktiwiteite onderneem, waaronder skoolbesoeke, oueraande, studieloopbaanvoorligting, psigometriese assessering en kampusinligtingsessies oor die US se aansoekprosesse. Gedurende die eerste kwartaal het die span raadgewers skole persoonlik besoek, maar weens die beperking op die Covid-19-sluiting vanaf Maart is die US se werwingsaktiwiteite suksesvol oorgeskakel na aanlynbetrokkenheid met skole en leerders.

Daarbenewens het die US op 23 Februarie sy jaarlikse Opedag op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus aangebied. Meer as 8 500 senior leerders van so ver as Namibië het dit bygewoon. Leerders, hulle ouers, opvoeders en voorligters het 'n geleentheid ontvang om inligting oor studieprogramme direk van die onderskeie fakulteite te ontvang en meer oor die studentelewe, koshuis- en privaat huisvesting, finansiële bystand en die verskeidenheid ander studentesteundienste uit te vind.

Volgens 'n opname oor die Opedag:

- was die Suid-Afrikaanse leerders wat die geleentheid bygewoon het van ál nege provinsies, met die meeste uit die Wes-Kaap, Gauteng en KwaZulu-Natal;
- het leerders belangstelling in alle fakulteite se programaanbiedinge getoon, en was die inligtingsessies van veral Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Natuurwetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Ingenieurswese en Regsgeleerdheid gewild;
- nagenoeg 100% van die respondente in graad 12 van plan om in 2021 by die US te registreer; en
- meer as 80% van die respondente volkome tevrede met die gehalte van die geleentheid.

3.8 Koshuisplasing

Die Koshuisplasingbeleid vervul 'n beduidende rol om toegang te voorsien en 'n diverse studentegemeenskap in die US se studentebehuising te verseker. Inwoning in studentebehuising word in **Tabel 8** saamgevat.


Tabel 8: US-koshuisinwoning volgens behuisingstipe, 2020

Tipe Universiteitsbehuising	Inwoning
Stellenbosch senior	648
Stellenbosch voorgraadse manskoshuis	2 534
Stellenbosch voorgraadse vrouekoshuis	2 843
LLL-huise	69
Maties Sport (Huis Neethling)	99
Tygerberg junior	660

Tygerberg senior	703
Studenteleierskapshuise (PSO)	100
Totale inwoning	7 656

*LW: Hierdie syfers sluit die 152 internasionale plasinge deur US Internasionaal uit.

Studentediversiteit in US-koshuise word in **Figuur 10** hieronder voorgestel.



Figuur 10: Rassediversiteit van studente in US-koshuise

Die vernaamste gevolgtrekkings uit **Figuur 10** is soos volg:

- Net meer as die helfte (52%) van US se koshuisinwoners kom uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe. Wit studente verteenwoordig 48%.
- Die meeste studente in voorgraadse koshuise is wit, en die meeste in senior koshuise is swart Afrikane.
- In pas met die oogmerk van die US se koshuisplasingstrategie het studentediversiteit in koshuise oor die afgelope drie innamejare stelselmatig toegeneem.

Die getalsverhouding van vroue- tot mansinwoners in Universiteitsbehuising is ongeveer 60:40.

3.9 Finansiële bystand vir studente

Die regering bied aansienlike finansiële bystand vir voorgraadse studente uit arm huishoudings en uit die “ontbrekende middel”. Die DHOO se **NSFAS**-beursskema bied volledige subsidies aan studente uit huishoudings met ’n algehele bruto huishoudelike inkomste van tot R350 000 per jaar. Soos **Tabel 9** aandui, ontvang heelwat US-studente hierdie vorm van finansiële bystand, en neem die getal sterk toe.

Tabel 9: Getal ontvangers van die DHOO se nuwe NSFAS-beurse

Jaar	Getal gefinansierde studente (NSFAS en/of DHOO)	Totale geskatte bedrag
2017	855	R51,9 m
2018	2 395	R223,8 m
2019	2 737	R272,4 m
2020	3 926	R434,4 m

Daarbenewens bly die US se **werwingsbeursprojek**, wat uit die instelling se hoofbegroting gefinansier word, een van die vernaamste werwingstrategieë om toppresterderstudente uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe na die Universiteit te lok. Altesaam 750 toppresterders het in 2020 'n werwingsbeurs ontvang wat hulle klasgeld dek. **Tabel 10** toon hierdie registrasies volgens fakulteit en bevolkingsgroep.

Tabel 10: Werwingsbeursverspreiding volgens fakulteit en bevolkingsgroep, 2019 vs 2020


Fakulteit	Bevolkingsgroep									
	Asiër		Swart		Bruin		Indiër		Totaal	
	2019	2020	2019	2020	2019	2020	2019	2020	2019	2020
AgriWet	1	1	12	8	15	14	4	3	32	26
EBW	3	2	18	26	82	64	41	31	144	123
FGGW	2	5	132	106	153	139	73	44	360	294
Ing	1	1	14	14	39	35	23	24	77	74
Lettere & SW	2	2	22	23	102	81	11	9	137	115
Natuurwetenskappe	2	2	11	9	36	35	9	7	58	53
Opvoedkunde	0	0	0	0	10	16	1	2	11	18
Regsgeleerdheid (LLB)	0	0	7	9	25	30	4	3	36	42
Teologie	0	0	0	0	3	4	0	0	3	4
SciMathUS	0	0	1	1	0	0	0	0	1	1
Totaal	11	13	217	196	465	418	166	123	859	750

Die US het in 2020 twee groot veranderinge aan sy finansiële bystandsmoedele aangebring. Eerstens is die werwingsbeurse in volkostebeurse omskep, wat klasgeld, koshuisgeld, sowel as 'n kos- en boeketoelaag dek. Dit maak die US se werwingsbeursaanbod besonder aantreklik en plaas dit op gelyke voet met die komponente wat deur die NSFAS-skema gefinansier word. Ongelukkig impliseer dit dat minder sulke beurse toegeken kan word. Tweedens moes die US vergoed vir die realiteit dat eksterne finansiering vir nagraadse studente al hoe skaarser word. Dit is hoofsaaklik weens 'n verandering in die beursreëls van die Nasionale Navorsingstigting (NNS), wat die getal beurse tot US-studente se beskikking drasties

verminder het. Bedryfsgefinansierde nagraadse beurse het eweneens weens ekonomiese druk afgeneem. Gevolglik het die US se Komitee insake Beursee en Lenings aanbeveel dat die finansiering vir nagraadse beurse van sowat R24 miljoen tot R42 miljoen per jaar verhoog word.


Studente in die ontbrekende middel is ongetwyfeld in ewe groot finansiële nood as ander studente wat vir bystand in aanmerking kom. In die meeste gevalle kan hierdie groep dit nie bekostig om sonder finansiële steun te studeer nie, hoewel hulle ouers beperkte toegang tot krediet by finansiële instellings het. Daarom wend die US nou sy ondersteuningsfondse aan om 'n lening toe te staan wat hierdie studente se klaggeld dek. Die lening is rentevry vir die duur van studie, en is ná graduering terugbetaalbaar teen 'n vaste jaarlikse primakoers.

Die US maak die beste moontlike gebruik van die nuwe NSFAS-beursskema, die ISFAP-beursskema sowel as sy eie studentebeurs-/-leningsfinansiering uit die instelling se hoofbegroting. Ongelukkig het druk op die US-begroting noodgedwonge 'n verlaging in beursfinansiering uit die Universiteit se eie hulpbronne teweeggebring. Nietemin het die totale bedrag finansiële bystand vir studente wat deur die US geadministreer word die afgelope paar jaar drasties toegeneem, soos wat **Figuur 11** toon. Die totale waarde van beurse wat deur die Sentrum vir Voorgraadse Beursee en Lenings (SVBL) bestuur word, het tussen 2017 en 2020 met R191 miljoen, of 42%, toegeneem.



Figuur 11: Institusionele US-geld, skenkings en eksterne geld vir voorgraadse beurse en lenings

Die grafiek in **Figuur 12** toon die totale waarde van beurse wat die Sentrum vir Voorgraadse Beursee en Lenings (SVBL) van 2012 tot 2019 uitbetaal het, volgens rassegroep.



Figuur 12: Voorgraadse beursuitbetalings van 2012 tot 2018, volgens rassegroep

Oor die algemeen het die verskeie beurse en lenings wat die US administreer die Universiteit in staat gestel om toegang te bied aan 'n veel diverser studentegemeenskap wat ras sowel as sosio-ekonomiese status betref.

4. DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

4.1 Intern

Die werksverhouding tussen fakulteite en professionele steundienste het die afgelope agt jaar beduidend versterk. Dit is onder andere bereik deur die samestelling van die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) te verander sodat al tien fakulteite se visedekane (onderrig) daarin dien. Ander kernlede van die komitee is die senior direkteur van Leer- en Onderrigverryking, die direkteur van die Sentrum vir Onderrig en Leer, die direkteur van Akademiese Beplanning en Gehalteversekering, en die direkteur van Informasietegnologie. Die Viserektor (Leer & Onderrig) is die voorsitter van die KLO. Met die nodige kundiges en senior L&O-amptenare in die komitee kon hoëvlakbesluite vinnig geneem en uitgevoer word.

'n Tweede inisiatief is in 2014 geïmplementeer deur professionele steunpersoneel in die Sentrum vir Onderrig en Leer benewens hulle vakkundige spesialiteit ook elk aan 'n spesifieke fakulteit toe te ken. Dit het hulle in staat gestel om veel nouer in spanverband met die akademici te funksioneer.

Derdens het die VS L&O in 2014 gemengdeleerkoördineerders (GLK's) in fakulteite begin aanstel. Dit was deel van die IKT in L&O-projek wat die US Raad gefinansier het om die uitbreiding van tegnologie in leer en onderrig aan US te versterk. Die GLK's se vakkundige tuiste is die Sentrum vir Leertegnologieë, maar hulle pligte word op gedentraliseerde wyse in fakulteite verrig.

Die drie inisiatiewe hierbo het heelwat daartoe bygedra dat die US in 2020 met die uitbreking van die COVID-19-pandemie baie vinnig en doeltreffend na noodafstandslere- en -onderrig kon oorskakel.

Vanjaar was die US se derde jaar as deelnemer aan die DHOO se Universiteitsvermoëbouprogram ("UCDP"). Die program bestaan uit agt projekte wat beoog om die onderrig-, leer- en navorsingservaring by die US te verbeter, met inbegrip van 'n studentetredhoustelsel, aanlyn tutoropleiding, die ontwikkeling van jong nuwelingpersoneellede, en onderriggenootskappe. Projekleiers bestuur individuele projekte in fakulteite en die PASD-omgewings, terwyl die Sentrum vir Onderrig en Leer

oorhoofse projekbestuursverantwoordelikheid dra. Projekbeoordeling word in noue samewerking met die Sentrum vir Navorsing oor Evaluasie, Wetenskap en Tegnologie (SENWET) gefasiliteer.

4.2 Streek

Die Eenheid vir Gestremdhede (EG) werk steeds ten nouste saam met die Stellenbosch Gestremdhedsnetwerk oor gemeenskaplike gestremdhedsverwante aangeleenthede, en ruil inligting uit met die US se verskillende gestremdhedsinsluitingsektore in die munisipale gebied Stellenbosch. Die EG dien ook in die Stellenbosch Mobiliteitsforum, wat deel is van Stellenbosch Munisipaliteit, waar spesifieke toeganklikheidskwessies wat binne die munisipale sfeer val, soos toeganklike sypaadjies en munisipale wandelroetes, bespreek word. Ook die Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkings het aansienlike bystand verleen deur met finansiers vir verskillende gestremdhedsgemeenskapsprojekte te skakel.

Steeds in streeksverband het die US, die Kaapse Skiereiland Universiteit vir Tegnologie (KSUT) en die Universiteit van Wes-Kaapland (UWK) oor 'n hersiene memorandum van verstandhouding (MvV) ooreengekom vir die voortgesette gesamentlike aanbidding van 'n Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys vir universiteitspersoneel. Die Sentrum vir Hoër en Volwassene-onderwys (Fakulteit Opvoedkunde) verteenwoordig die US vanaf 2020 in hierdie vennootskap, terwyl die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) en die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) vermoë en kundigheid vir sommige modules voorsien. Die US het reeds sy akademië genooi om aansoek te doen om hierdie diplomakursus, wat sterk verband hou met die professionalisering van die onderrig.

4.3 Internasionaal

Verskeie professionele steundienstpersoneel het noue bande met eweknieë in die buiteland. Dít lei tot gesamentlike navorsing en publikasies. Ons personeel neem gereeld deel aan internasionale konferensies en ontvang ook vooraanstaande deelnemers by die US se geleentheid. Hoewel die COVID-19-pandemie internasionale reise vanjaar belemmer het, het vele internasionale skakeling gladweg na aanlyn gesprekruimtes verskuif. Trouens, waardevolle lesse is geleer oor hoe aanlyn middele dalk 'n meer koste- en tyddoeltreffende manier kan wees om eksterne skakeling en samewerking te onderneem.

5. GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

5.1 Voortgesette programvernuwing

Programvernuwing is 'n hoogs samewerkende aktiwiteit wat fakulteite én steunafdelings betrek en op netwerke oor departementele en fakulteitsgrense heen berus. Dit is 'n wesenstrek van gehalteverbetering, en 'n kerndeel van voortgesette verbetering aan die US. Hoewel programvernuwing in verskillende vorme kan plaasvind en verskillende benaderings kan volg – party lineêr en ander minder gestruktureerd – is dit belangrik om te sorg dat die proses omvattend, gedagteprikkend en samewerkend is om waarde toe te voeg aan fakulteite en departemente se opvoedkundige praktyke.

Die volgende inisiatiewe het die US-projek vir programhersiening en -vernuwing die afgelope drie jaar stukrag gegee:

- Die verkryging van UCDP-finansiering van die DHOO vir die eerste drie jaar van die US-projek (2018-2020)
- Die beplanning en inwerkingstelling van fakulteitsgebaseerde projekte vir programhersiening en -vernuwing, en die begrotings om dié projekte te ondersteun
- Die ontwikkeling en implementering van 'n kortkursus van 12 krediete oor die Akademieskap van Onderwysleierskap

- Die verkryging van Senaatsgoedkeuring vir 'n stel riglyne vir programkomiteevoorsitters en programleiers in November 2018 ná wye oorlegpleging op fakulteits- en institusionele vlak
- Die aanbieding van etlike vermoëbou-inisiatiewe, soos werksessies en gespreksgroepe, om die projekte vir programhersiening en -vernuwing op institusionele en fakulteitsvlak te ondersteun
- Ontwikkeling van 'n nuwe Beleid vir Gehalteversekering en -verbetering vir die US te skryf
- Die vestiging van 'n fokusgebied vir programhersiening en -vernuwing in die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering om die bestaande twee fokusgebiede van akademiese beplanning en gehalteversekering aan te vul
- Die aanstelling van 'n raadgewer oor programhersiening en -vernuwing in die Sentrum vir Akademiese Beplanning en Gehalteversekering

5.2 Nuwe US-programme

Die US se Programadvieskomitee (PAK) voeg groot waarde toe deurdat alle nuwe akademiese programme, of programme wat beduidende veranderinge beoog, vir kommentaar voor hierdie komitee moet dien. Die PAK-lede beoordeel alle versoeke holisties en bied advies oor aspekte wat verbeter kan word om te sorg dat slegs programme van 'n hoë, internasionaal vergelykbare standaard by die US aangebied word.

Ervare akademici uit fakulteite sowel as professionele steundienstpersoneel dien in die PAK. Hulle advies word deur die Akademiese Beplanningskomitee oorweeg, waarna die programme via die fakulteitsrade vir goedkeuring aan die Senaat voorgelê word.

Die PAK het van die tweede semester van 2012 tot en met die einde van 2020 (d.w.s. die termyn van die huidige Viserektor (Leer & Onderrig)) 114 nuwe kwalifikasies vir implementering beoordeel, sowel as etlike wysigings aan bestaande programme. **Tabel 11** bied 'n volledige lys van die programme wat beoordeel is.

Tabel 11: Nuwe en hersiende US akademiese programme oorweeg sedert 2012

Jaar	Nuwe US-programme wat binne die Hoëronderrwykwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) ontwikkel is	Bestaande US-programme wat opnuut met die HOKSR en/of gewysigde professionele standaarde versoen is
2012 (2de sem)	1. Doktor in die Wysbegeerte in Oudiologie 2. Doktor in die Wysbegeerte in Spraak-taaltherapie	
2013	1. Magister in die Wysbegeerte in Stedelike en Streekwetenskap 2. Magister in die Natuurwetenskappe in Radiobiologie 3. Magister in die Wysbegeerte in Kardiologie 4. Magister in die Wysbegeerte in Endokrinologie 5. Magister in die Wysbegeerte in Gastroënterologie en Herpetologie 6. Magister in die Wysbegeerte in Hematologie 7. Magister in die Wysbegeerte in Gesondheidsisteme- en -diensnavorsing 8. Magister in die Wysbegeerte in Aansteklike Siektes 9. Magister in die Wysbegeerte in Nefrologie 10. Magister in die Wysbegeerte in Pulmonologie	

	<ul style="list-style-type: none"> 11. Magister in die Wysbegeerte in Rumatologie 12. Magister in die Natuurwetenskappe in Menslike Anatomie 13. Magister in die Natuurwetenskappe in Volhoubare Landbou 	
2014	<ul style="list-style-type: none"> 1. Gevorderde Diploma in Openbare Aanspreeklikheid 2. Baccalaureus in die Handel (Honneurs) in Inligtingstelselbestuur 3. Baccalaureus in die Handel in Internasionale Besigheid 4. Diploma in Openbare Aanspreeklikheid 5. Doktor in die Wysbegeerte in Anatomie 6. Magister in die Wysbegeerte in Ramprisikowetenskap en -ontwikkeling 7. Magister in die Wysbegeerte in Transdissiplinêre Gesondheid- en Ontwikkelingstudies 8. Magister in die Wysbegeerte in Kardiologie 9. Magister in die Wysbegeerte in Noodgeneeskunde 10. Magister in die Wysbegeerte in Huisartskunde 11. Magister in die Wysbegeerte in Ginekologiese Onkologie 12. Magister in die Wysbegeerte in Moeder- en Fetale Geneeskunde 13. Magister in die Wysbegeerte in Medisyneontwikkeling 14. Magister in die Wysbegeerte in Reproductiewe Geneeskunde 15. Magister in die Wysbegeerte in Rumatologie 16. Magister in Stads- en Streeksbeplanning 17. Nagraadse Diploma in Gestremdheid- en Rehabilitasiestudies 18. Nagraadse Diploma in Gesondeidsorgbestuur 19. Nagraadse Diploma in Transdissiplinêre Gesondheid- en Ontwikkelingstudie 20. Nagraadse Diploma in Vervoer en Logistiek 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Gevorderde Diploma in Onderwys in VOO-Lewenswetenskappe-onderwys 2. Gevorderde Diploma in Onderwys in VOO-Wiskunde-onderwys 3. Gevorderde Diploma in Onderwys in VOO-Fisiese Wetenskappe-onderwys 4. Gevorderde Diploma in Onderwys in IF-Wiskunde-onderwys 5. Gevorderde Diploma in Onderwys in Wiskundige Geletterdheidsonderwys 6. Gevorderde Diploma in Onderwys in Seniorfase-Wiskunde-onderwys 7. Gevorderde Diploma in Onderwys in Seniorfase-Natuurwetenskappe-onderwys 8. Baccalaureus in die Onderwys (Honneurs) in Opvoedkundige Ontwikkeling en Demokrasie 9. Baccalaureus in die Onderwys (Honneurs) in Opvoedkundige Sielkunde 10. Baccalaureus in die Onderwys (Honneurs) in Opvoedkundige Ondersteuning 11. Baccalaureus in die Onderwys (Honneurs) in Grondslagfase-onderwys 12. Baccalaureus in die Onderwys (Honneurs) in Taalonderwys 13. Magister in Sakebestuur en -administrasie 14. Nagraadse Diploma in Besigheidsbestuur en -administrasie
2015	<ul style="list-style-type: none"> 1. Gevorderde Sertifikaat in Ondernemingsbestuur en Administrasie 2. Baccalaureus in die Krygskunde in Verdedigingsinligtingstudies 3. Diploma in Volhoubare Ontwikkeling 4. Doktor in die Wysbegeerte in Stedelike en Streekwetenskap 5. Hoër Sertifikaat in Klanktegnologie 6. Magister in Verslawingsorg 7. Magister in die Wysbegeerte in Kankerwetenskap 8. Magister in die Wysbegeerte in Ontwikkelingsdemografie 9. Magister in die Wysbegeerte in Filmmusiek 10. Magister in die Wysbegeerte in Geestesgesondheid vir Babas 11. Magister in die Wysbegeerte in Minimaletoeegang- Ginekologiese Chirurgie 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Baccalaureus in Verpleegkunde en Verloskunde 2. Baccalaureus in die Onderwys in Intermediêrefase-onderwys 3. Baccalaureus in die Onderwys in Grondslagfase-onderwys

	<ul style="list-style-type: none"> 12. Magister in Voeding in Publieke Gesondheid 13. Magister in die Natuurwetenskappe in Biostatistiek 14. Magister in die Natuurwetenskappe in Voedsel- en Voedingsekerheid 15. Nagraadse Diploma in Agronomie 16. Nagraadse Diploma in Verdedigingstudies 17. Nagraadse Diploma in Filmmusiek 18. Nagraadse Diploma in Verpleegkunde in Beroepsgesondheidsverpleegkunde 	
2016	<ul style="list-style-type: none"> 1. Doktor in die Wysbegeerte in Kliniese en Navorsingsetiek 2. Doktor in die Wysbegeerte in Ingenieursbestuur 3. Doktor in die Wysbegeerte in Radiobiologie 4. Doktor in die Wysbegeerte in Stads- en Streeksbeplanning 5. Magister in die Regte in Alternatiewe Geskilbeslegting 6. Magister in die Regte in Arbeidsreg 7. Magister in die Natuurwetenskappe in Sport- en Oefeninggeneeskunde 8. Nagraadse Diploma in Finansiële Analise 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Nagraadse Onderwysertifikaat in Verdere Onderwys en Opleiding
2017	<ul style="list-style-type: none"> 1. Doktor in die Wysbegeerte in Biomediese Ingenieurswese 2. Magister in die Lettere in Openbare Sosiologie en Antropologie 3. Magister in Ingenieurswetenskap in Biomediese Ingenieurswese (volle navorsing) 4. Magister in Ingenieurswetenskap in Biomediese Ingenieurswese (gestruktureerd) 5. Magister in die Regte in Intellektuele Goederereg en -praktyk 6. Magister in die Regte in Staatsverkrygingsreg 7. Magister in die Wysbegeerte in Bewustheid 8. Magister in die Natuurwetenskappe in Implementeringswetenskap 9. Nagraadse Diploma in Ingenieurswetenskap 10. Nagraadse Diploma in Mediese Toksikologie 11. Nagraadse Diploma in Beleid en Regulering van Openbare Verkryging 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Baccalaureus in die Onderwys (Honneurs) in Kurrikulumondersoek
2018	<ul style="list-style-type: none"> 1. Magister in Ingenieurswetenskap 2. Magister in die Wysbegeerte in Verdedigingstudies 3. Magister in die Wysbegeerte in Ontwikkelingspediatrie 4. Magister in die Wysbegeerte in Neonatologie 5. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Kardiologie 6. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Kritieke Sorg 7. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Endokrinologie 	<ul style="list-style-type: none"> 1. Gevorderde Diploma in Skoolleierskap en -bestuur 2. Magister in die Wysbegeerte in Hoëronderwysstudies 3. Magister in die Wysbegeerte in Lewenslange Leer

	<ol style="list-style-type: none"> 8. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Gastroënterologie, Hepatologie en Voeding 9. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Infeksiesiektes 10. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Mediese Onkologie 11. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Nefrologie 12. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Neurologie 13. Magister in die Wysbegeerte in Pediatriese Pulmonologie 14. Nagraadse Diploma in Rekeningkunde 15. Nagraadse Diploma in Landelike Geneeskunde 16. Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur 	
2019	<ol style="list-style-type: none"> 1. Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling 2. Baccalaureus in Datawetenskappe 3. Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Rekenaarwetenskap 4. Magister in die Natuurwetenskappe in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie 5. Nagraadse Diploma in Militêre Regstudies 6. Doktor in die Wysbegeerte in Bio-informatika en Berekeningsbiologie 	<ol style="list-style-type: none"> 1. Nagraadse Diploma in Kritiekesorgerpleegkunde (Volwassenes) 2. Nagraadse Diploma in Gesondheidsdienstebestuur 3. Nagraadse Diploma in Verloskunde 4. Nagraadse Diploma in Verpleegonderwys 5. Nagraadse Diploma in Peri-operatiewe Verpleegkunde 6. Nagraadse Diploma in Primêresorgerpleegkunde
2020	<ol style="list-style-type: none"> 1. Nagraadse Diploma in Geestesgesondheidverpleegkunde 2. Nagraadse Diploma in Aansteeklike Siektes 3. Magister in die Wysbegeerte in Kritieke Sorg vir Volwassenes 4. Nagraadse Diploma in Noodverpleegkunde 	

'n Uitgebreide eksterne goedkeuringsproses word gevolg voordat die US nuwe programme mag aanbied en 'n staatsubsidie mag ontvang. **Tabel 12** toon die jongste programme wat die volledige goedkeuringsproses ondergaan het en in hetsy November 2019 of 2020 akkreditasie van die DHOO, die Raad op Hoër Onderwys (RHO) en registrasie van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasiewerheid (SAKO) ontvang het. Hierdie programme kan dus in beginsel vanaf 2021 by die US aangebied word.

Tabel 12: Jongste akademiese programme van die US wat deur die SA hoërondewysowerhede goedgekeur is

Programnaam	Fakulteit
Nagraadse Diploma in Finansiële Analise (*Nov 2019) Nagraadse Diploma in Strategiese Menslikehulpbronbestuur Nagraadse Diploma in Rekeningkunde	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Magister in die Wysbegeerte in Hoërondewysstudies Magister in die Wysbegeerte in Lewenslange leer	Opvoedkunde
Doktor in die Wysbegeerte in Bio-informatika en Berekenningsbiologie	Natuurwetenskappe

'n Verdere aantal nuwe programme (sien lys in **Tabel 13**) dien tans nog vir akkreditasie en goedkeuring voor die Suid-Afrikaanse hoërondewysowerhede. Eksterne goedkeuring deur die RHO, SAKO en die DHOO is 'n uitgerekte proses wat tot twee jaar kan duur. Danksy bykomende vermoë by die RHO lyk dit nietemin of die proses die afgelope tyd vinniger verloop.

Tabel 13: US-programme in die proses van goedkeuring deur SA hoërondewysowerhede

Programnaam (indieningsdatum)	Fakulteit
Baccalaureus in Datawetenskappe (2019) Gevorderde Diploma in Volhoubare Ontwikkeling (2019)	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Nagraadse Diploma in Kritiekesorgverpleegkunde (Volwassenes) (2019) Nagraadse Diploma in Gesondheidsdienstebestuur (2019) Nagraadse Diploma in Verloeskunde (2019) Nagraadse Diploma in Verpleegondewys (2019) Nagraadse Diploma in Peri-operatiewe Verpleegkunde (2019) Nagraadse Diploma in Primêresorgverpleegkunde (2019) Nagraadse Diploma in Geestesgesondheidverpleegkunde (2020) Nagraadse Diploma in Aansteklike Siektes (2020) Magister in die Wysbegeerte in Kritieke Sorg vir Volwassenes (2020) Nagraadse Diploma in Noodverpleegkunde (2020)* Doktor in die Wysbegeerte in Biostatistiek (2020)* <i>*Dien voor Senaat in Nov 2020</i>	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe
Nagraadse Diploma in Militêre Regstudies (2019)	Krygskunde
Baccalaureus in die Natuurwetenskappe in Rekenaarwetenskappe (2019) Magister in die Natuurwetenskappe in Masjienleer en Kunsmatige Intelligensie (2019)	Natuurwetenskappe
Gevorderde Diploma in Skoolleierskap en -bestuur (2018)	Opvoedkunde

5.3 Samewerkende portuurgroepleer met portuurfasiliteerders

Portuurgroepleer en mentor-/tutorbystand word al hoe belangriker by die US. 'n Werkgroep onder die beskerming van die Komitee vir Onderrig en Leer hersien tans die kategorieë portuurfasiliteerders sowel as die rolle en verantwoordelikhede van leer-en-onderrigassistenten by die US. Die doel is om riglyne te voorsien oor hoe om leer nie net binne nie, maar ook buite die lesingsaal so goed moontlik te ondersteun.

Tans word 'n verskeidenheid benaminge gebruik om te verwys na studente wat die US tydelik in diens neem om medestudente te ondersteun. Dit sluit in "tutors", "mentors", "studente-assistente", "demi's", ensovoorts. Die KLO-werkgroep beveel aan dat die term "portuurfasiliteerder" as 'n meer gepaste versamelnaam gebruik word. Daar word vir drie subkategorieë portuurfasiliteerders voorsiening gemaak om bystand aan dosente te verskaf, naamlik portuurfasiliteerders wat bloot administratiewe hulp verleen, dié wat sekere vorme van assessering mag opstel, en dié wat assesseringsuitsette mag nasien.

Sommige fakulteite beskik reeds oor goeie interne kursusse om hulle portuurfasiliteerders op te lei. Dit sal aangevul word met drie generiese opleidingskursusse vir portuurfasiliteerders wat die US tans ontwikkel. In 'n neutedop sal dié kursusse oor die volgende handel:

- **Algemene portuurfasiliteringsopleiding**

Rolle en verantwoordelikhede, steunstrukture, tegniese en administratiewe vaardighede, stres- en tydbestuur

- **Die ontwerp en skep van assesserings**

Assesseringsbeleidsbeginsels, akademiese integriteit, geldigheid, ensovoorts; sekere SUNLearn-vaardighede, die skep van rubrieke en nasiengidse, en vlakke van begrip van taksonomieë (uit die oogpunt van assesseringsontwerp)


- **Die nasien van assesserings**

Tydige voorsiening van terugvoer, betroubaarheid tussen nasieners, die volg en implementering van assesseringskriteria, vlak van begrip (uit 'n nasien-oogpunt)

5.4 Ontwikkeling van programme vir hibridiese leer

Hibridiese leer (HL) is 'n lewingsmetode vir akademiese kursusse wat kort tydperke van persoonlike kontak tussen dosente en studente met aansienlike gefasiliteerde aanlyn studenteleer kombineer. HL is veral afgestem op studente wat nie die geleentheidskoste verbonde aan voltydse residensiële studie op die perseel van 'n akademiese instelling kan bekostig nie. Die manier waarop die akademiese aanbod aangebied word, moet dus óók meer buigsaam wees, soos wat **Figuur 13** toon.

Visuele voorstelling van verskillende aanbiedingsmetodes



Figuur 13: Aanbiedingsmetodes vir hibriedeseleerprogramme

Die beweegrede vir die US se uitbreiding na HL is om toegang te bied aan studente wat dit nie andersins sal kan bekostig om te studeer nie. 'n Onderontwikkelde mark vir die US se akademiese aanbod is studente wat reeds die werkplek betree het en wat verkies om aanlyn verder te studeer. Die US het 'n uitmuntende graaddeurvloeiing vir sy voltydse residensiële akademiese programme en beplan daarom nie 'n beduidende uitbreiding in sy ten volle aanlyn akademiese aanbod, wat oor die algemeen 'n veel swakker studentebehoudsfer het nie.

Die HL-strategie kombineer derhalwe die US se bestaande sterkpunte met geleenthede om die studentetal kostedoeltreffend te verhoog, sonder om aan die huidige streng perke op staatsubsidies en studiegeld vir voltydse residensiële Suid-Afrikaanse studente te moet voldoen. Daarbenewens word die koste-intensiewe fisiese infrastruktuur vir voltydse residensiële studente nie tans vir die volle akademiese kalenderjaar gebruik nie, en sal die HL-blokkontaksessies dus ook die benutting van leerruimtes verbeter.

Baie hedendaagse studente verkies aanlyn leer én die vrye keuse wat daarmee saamgaan. Toenemende internetkonnektiwiteit en beter aanlynleerbestuursagteware brei toegang tot studiegeleenthede verder uit, veral vir studente in onderontwikkelde wêrelddele. Afrika het die grootste en snels groeiende jeugbevolking wat onderrig moet ontvang. Noudat die voorste akademiese instellings ter wêreld hierdie markte betree, kan die US nie bekostig om nié deel te neem nie.

Die US het die afgelope vyf jaar sy gemengdeleervermoë (pedagogies verantwoordbare benutting van tegnologie om onderrig en leer te fasiliteer) aansienlik uitgebou. Dít beteken die Universiteit kan nou die reikwydte van sy akademiese aanbod na nuwe studentemarkte uitbrei. Die US se HL-leweringmodel ontgin maksimum sinergie met die voltydse residensiële akademiese aanbiedinge sodat voltydse residensiële studente óók sal baat vind by toeganklike gedigitaliseerde materiaal.

Die *US Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024* noem "Genetwerkte en samewerkende onderrig en leer" as een van sy ses kern strategiese temas. Die spesifieke strategiese doelstelling waarna hierdie HL-strategie streef, is "Brei die US se kennisaanbod uit om in nuwe studentemarkte se behoeftes te voorsien". Die strategie is ook opgeneem in die VS L&O se omgewingsplan vir 2020, onder strategiese prioriteit 4, "Gepaste IKT om residensiële en hibriedeelerstudente te ondersteun". Boonop is die Bedryfsplan vir Hibriedese Leer aan die Universiteit Stellenbosch (2019) opgestel om die HL-strategie uiteen te sit, die finansiële uitvoerbaarheid daarvan te toon en die geleenthede en risiko's te verduidelik.

Op mediumtermyn is die mees uitvoerbare akademiese HL-aanbiedinge vir die US se doeleindes kortkursusse sowel as nagraadse diplomas, baccalaureushonneurs- en magistergrade met 'n lesingkomponent. Die kennisgebiede van die bedryfs- en bestuurswetenskappe, geneeskunde en gesondheidswetenskappe sowel as voortgesette onderwyseropleiding bied die beste vooruitsigte om nuwe studentemarkte te lok. Volgens inskrywingstatistieke van Junie 2018 was 10,8% van die US se voltyds-ekwivalente studente tóé reeds vir HL-programme ingeskryf (sien **Tabel 14**). Die mikpunt van die US se HL-sakeplan is om die voltyds-ekwivalente (VE) studente in HL-programme teen die einde van 2025 tot 25% van algehele US-studente-inskrywings te verhoog. Dít behels die stapsgewyse uitbreiding of byvoeging van 21 HL-programme (elk 'n jaar lank en 120 krediete), met 'n inskrywingsyfer van ten minste 250 VE studente in elke program.

Tabel 14: Huidige US-hibridieseleeraanbiedinge, volgens studente-inskrywings en fakulteit (data van Junie 2018)

Fakulteit	Totale inskrywings (volgens koppetelling)	Totale VE studente	VE hibridieseleer-studente	VE hibridieseleer-studente as 'n % van alle VE studente
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	8 927	7 026	1 451,1	20,7%
Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	4 588	3 021	1 133,4	37,5%
Opvoedkunde	1 854	1 604	74,9	4,7%
AgriWetenskappe	2 190	1 494	6,9	0,46%
Totaal	31 765	24 710	2 666,3	10,8%

LW: Vir magisterprogramme met kursuswerk word daar aanvaar dat elke module gemiddeld uit 18 krediete en die graadprogram uit 180 krediete per jaar bestaan. Elke studente-inskrywing verteenwoordig dus 'n 0,1 VE student.

Vordering met hibridiese leer in 2020

Strategiese fondse word tans ingevolge die Bedryfsplan vir Hibridiese Leer (HL) aangewend om nuwe HL-programme en -modules te ontwikkel. Hierdie nuwe aanbiedinge word deur middel van korter tydperke van kontakonderrig en -leer (blokkontaksessies) in kombinasie met langer tydperke van ten volle aanlyn leer gelewer. Benoemings vir die eerste rondte HL-finansiering is in Mei 2020 ingedien. Die HL-beheerkomitee – wat uit 'n aantal visedekane (onderrig en leer), verteenwoordigers van sentrums in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking sowel as Informasietegnologie bestaan – het uiteindelik finansiering aan nege van die nuwe programme toegeken, wat in **Tabel 15** gelys word.

Hierdie HL-programme word dus nou as 'n kernaanbiedingsmetode van die US gevestig noudat die internasionale hoëronderwyslandskap juis ingrypende digitale transformasie ondergaan. Die nuwe HL-aanbiedinge sluit twee nuwe nagraadse programme in wat reeds internasionale belangstelling gelok het, sowel as 'n voorgraadse program wat beoog om toegang te verbreed vir studente wat nie voltydse studie op kampus kan bekostig nie. 'n Aantal verdere HL-modules word boonop ontwerp met die uitdruklike doel om studente wat 'n tipiese "hekkie-module" gedruip het bykomende, buigsame geleenthede te bied om hulle graad te voltooi sonder om vir nóg 'n akademiese jaar te moet registreer (sien "Verderegeleentheidsmodule" hieronder). Om in volwasse, lewenslange leerders se behoeftes te voorsien, sal ander modules nie net as keusemodules vir residensiële studente aangebied word nie, maar ook aktief bemark word onder bedryfspraktisyns wat noodsaaklike vaardighede vir hulle loopbane

wil verwerf. Laastens word 'n eerste reeks leereenhede ook ontwikkel. Hierdie ten volle aanlyn eenhede word sorgvuldig ontwerp om studente met funksionele kennis toe te rus, en kan by verskeie modules geïntegreer of as aanvullende materiaal vir studente aangebied word.

Tabel 15: Hibridiese leerprogramme/-modules wat tans ontwikkel word

Titel	Tipe aanbod	Implementeringsdatum
Aansteeklike Siektes Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, in vennootskap met Dokters Sonder Grense	NGDip	2022 (uitgesoekte modules sal in 2021 as kortkursusse geïmplementeer word)
Strategiese Menslikehulpbronbestuur Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	NGDip	2021
Baccalaureus in die Teologie Teologie	Voorgraadse program	2021
Internasionale Handel, Vervoerinfrastruktuur en Logistiek Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Keusemodule (sal ook onder bedryfspraktisyns bemark word)	2021
Padvervoerbestuur Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Keusemodule (sal ook onder bedryfspraktisyns bemark word)	2021
Datawetenskap met Python Skool vir Datawetenskap en Rekenaardienke, en AgriWetenskappe	Keusemodule	2022 (sal in 2021 as kortkursus geïmplementeer word)
Tekeninge 173 Ingenieurswese	Verderegeleentheidsmodule	2021
Eindige-element-metodes 874 Ingenieurswese	Keusemodule (sal ook onder bedryfspraktisyns bemark word)	2021
Oorbruggingsleereenhede in Wiskunde Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, en Natuurwetenskappe	Reeks leereenhede	2021

'n HL-projekbestuurder is op 1 Junie 2020 aangestel, en doen aan die senior direkteur van Leer- en Onderrigverryking verslag. Haar terugvoer tot op hede getuig van hoogs produktiewe samewerking tussen alle institusionele belanghebbendes in die ontwikkeling van gefinansierde modules/programme sowel as die uitvoering van die HL-bedryfsplan. Fakulteitsbestuurders, visedekane, departementshoofde en dosente toon ewe veel geesdrif en toewyding in die ontwikkeling van hierdie nuwe HL-aanbiedinge, ondanks die uitdagings wat die akademiese jaar 2020 ingehou het. Kollegas van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking en ander steunomgewings het boonop doeltreffende prosesse geskep om die institusionele infrastruktuur vir HL te voorsien. Hulle is nou beter toegerus om die finansiële haalbaarheid van nuwe aanbiedinge te bepaal, voorsien professionele ontwikkeling aan die betrokke dosente, en integreer akademiese gehalteversekeringsmeganismes.

Die HL-span in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking het die afgelope jaar stelselmatig uitgebrei. Die strategiese belegging in leerontwerpvermoë by die US lei reeds tot volhoubare en impakryke verandering. Bogenoemde aanbiedinge word alles intern ontwikkel, wat die behoefte aan uitgekonnekteerde leerontwerpdienste uitskakel. Die span vir tegniese leerontwerp in die Sentrum vir

Leertegnologieë spog nou met twee nuwe leerontwerpers, 'n multimediaontwerper en 'n HL-koördineerder. Hierdie dinamiese span werk sy aan sy met akademiese personeel om (oorwegend aanlyn) leerervarings van gehalte te skep wat van 'n internasionale standaard moet wees, dog steeds relevant vir ons Afrika- en Suid-Afrikaanse studente se omstandighede. Om hierdie nuwe kursusportefeulje aan verskillende marksegmente bekend te stel, is 'n digitale HL-bemarkingspesialis op 1 Oktober 2020 aangestel.

6. NAVORSING VIR IMPAK

6.1 Voortgesette professionalisering van akademici

Navorsing oor die pedagogie en leierskap van onderrig en leer in die hoër onderwys is net so belangrik en relevant soos navorsing in enige ander akademiese dissipline. Dít is waarom die US beduidend in die voortgesette professionalisering van personeel in hulle onderrigrolle belê. Een sodanige benadering het begin met 'n eksterne kortkursus van die Universiteit van Brits-Columbië wat tien L&O-leiers van Stellenbosch in 2017 voltooi het. Die doel van die kursus was om akademici aan die akademieskap van onderrig en leer bekend te stel, en hulle toe te rus om, benewens hulle eie vakgebiede, ook op hierdie gebied te publiseer.

Die US het sedertdien sy eie kortkursus oor die **Akademieskap van Onderwysleierskap** ontwerp. Twee kohorte het dit tot dusver voltooi, en 'n derde een nader tans die eindstreep. Die kortkursus konsentreer op leierskap in, en die akademieskap van, onderrig en leer. Die eerste kohort US-leiers wat die kortkursus voltooi het, was prof Debby Blaine (Ingenieurswese), prof Julia Blitz (FGGW), prof Ronelle Carolissen (Opvoedkunde), prof Karin Jacobs (Natuurwetenskappe), dr Fankie Monama (Krygskunde), dr Mary Nel (Regsgeleerdheid), prof Aletta Odendaal (EBW), dr Shantelle Weber (Teologie) en, uit die PASD-omgewing, me Ruth Andrews (Ko-kurrikulumbestuurder) en dr JP Bosman (SLT). Hulle het hulle sertifikate op 12 April 2019 van die Viserektor (Leer & Onderrig) ontvang.

Die tweede kohort het bestaan uit tien akademici en PASD-personeel, naamlik prof Ada Jansen (EBW), prof Maret du Toit (AgriWetenskappe), wyle prof Mary-Anne Plaatjies van Huffel (Teologie), prof Trevor Haas (Ingenieurswese), prof Faadiel Essop (Natuurwetenskappe), dr Karin Baatjes (FGGW), dr Michelle Nel (Krygskunde), dr Lorna Dreyer (Opvoedkunde), dr Kabelo Sebolai (Taalsentrum) en dr Sonja Strydom (SLT).

Die huidige en derde kohort bestaan eweneens uit tien akademici en PASD-personeel. Hulle is me Gretha Steenkamp (EBW), dr Maricel Krugel (AgriWetenskappe), dr Peter Nagel (Teologie), prof Cara Schwartz (Ingenieurswese), dr Margaret Blackie (Natuurwetenskappe), prof Renee Blaauw (FGGW), It.kol. Bontle Monnanyana (Krygskunde), dr Marie-Louise Botha (Opvoedkunde), dr Taryn Bernard (Lettere & SW) en me Heidi October (Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap). Die kursus is vanjaar via SUNOnline en MS Teams aangebied en die laaste aanlyn kontak sessie, oor die onderrignavorsingsproses, het op 31 Julie plaasgevind. Deelnemers het op 3 en 4 September die geleentheid gehad om meer diepgaande kennis oor die praktyk van onderrignavorsing op te doen, en het ook op 4 November die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-konferensie bygewoon. By die skryf van hierdie verslag is 'n virtuele skryfmarathon vir 19 en 20 November beplan, waar deelnemers 'n geleentheid sal ontvang om aan hulle twee summatiewe opdragte te werk wat op 30 November ingedien moet word. 'n Geleentheid word ook vir 27 November beplan waar die deelnemers van 2020 hulle Akademieskap van Onderwysleierskap-navorsingsvoorstelle aan mekaar, vorige jare se deelnemers én die nuwe inname van 2021 sal voordra.

Die kohort vir 2021 is prof Gareth Arnott (Natuurwetenskappe), dr Lee-Ann Jacobs Nzuzi-Khuabi (FGGW), dr Manfred Spocter (Lettere & SW), prof Pieter von Wielligh (EBW), prof Thinus Booyesen (Ingenieurswese), prof Dion Forster (Teologie), dr Vusi D. Malaza (Krygskunde),

dr Marianne McKay (AgriWetenskappe), dr Carina America (Opvoedkunde) en dr Karin Cattell-Holden (SOL). Die foto in **Figuur 14** is by die eerste opleidingsessie in 2020 geneem.

Vanjaar se kursus staan onder leiding van dr Nicolene Herman (SOL) en dr JP Bosman (SLT). Die US kan trots wees daarop dat interne kenners 'n gespesialiseerde kortkursus van hierdie gehalte aanbied vir US-kollegas wat uitnemendheid in leer en onderrig wil bereik.



Figuur 14: Deelnemers aan die US se kortkursus oor die Akademieskap van Onderwysleierskap in 2020

6.2 Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie

Die US se 13de **Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-)konferensie** het op 4 November 2020 plaasgevind. Hierdie geleentheid bied 'n platform vir akademië om:

- beste praktyk, navorsingsbevindinge en innoverende idees oor onderrig en leer uit te ruil;
- oor onderrig-en-leermetodes, -tendense en -doelwitte na te dink en debat te voer; en
- onderrig en leer by die US te vier.

As gevolg van COVID-19 en die gepaardgaande verbod op groot kontakbyeenkomste is die AvOL-konferensie met groot welslae vir die eerste keer ten volle aanlyn aangebied. Meer as 200 deelnemers het op die aanlyn platform van die konferensie aangemeld. Hulle kon tussen sewe konferensiestrome met ses sessies elk kies. Soos 'n mens kon verwag, het vele voordragte oor innovasie, goeie praktyk, probleme en navorsing met betrekking tot noodafstandsonderrig, -leer en -assessering gehandel.

Die tema van die konferensie was "CARE", synde die Engelse afkorting vir "Celebrate, appreciate and reflect on our COVID-19 experiences in the e-environment". In plaas van die gebruikelike hoofspreker(s), het die dag se verrigtinge met 'n paneelbespreking en voorafopgeneemde video's van studente, akademië, steunpersoneel en bestuurders begin wat oor hulle ervarings van leer en onderrig gedurende die COVID-19-inperkings gesels het. Konferensiegangers kon deur gespreksforums in 'n gemeenskaplike aanlyn "kletskamer" vrae stel en hulle menings lug. Die emosionele impak van die skielike oorskakeling van klasgebaseerde na aanlyn onderrig en leer het duidelik geblyk, soos ook die waarde van deernis en sorg tussen studente en personeel sowel as tussen portuur.

7. VOORKEURWERKGEWER

Selfverwesening is een van die kernmotiveerders vir uitblinkers. Daarom streef die VS L&O daarna om akademië en PASD-personeel in hulle ontwikkeling as vakkundige opvoeders en die vervulling van hulle rol as opvoeders binne en buite die klaskamer te ondersteun, en om uitnemendheid te erken.

7.1 Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK)

PRONTAK wil die professionalisering van akademici as opvoeders in die hoër onderwys bevorder deur gemengdemodusplatforms en samewerkende leerruimtes te voorsien.

Vanjaar het 63 akademici – die meeste van hulle pas aangestel, maar ook ander met meer ondervinding – uit ál tien US-fakulteite op 18 Maart 2020 met dié program begin. Dit het saamgeval met die aanvanklike verbod op groot byeenkomste weens COVID-19, en dus moes die beplande sessie inderhaas na die kuberruim verskuif. Die eerste sessie het daarop gekonsentreer om die besinningsvaardighede te ontwikkel wat die deelnemers vir die res van die program sou nodig kry. Deelnemers het vir die kortkursus geregistreer en vir die eerste drie maande aanlyn gewerk aan individuele take oor hulle eie onderrig. Kleiner groepvergaderings is ook op MS Teams gehou.

Die beplande tussenfakulteitskontakssessie in Junie moes ook aanlyn geskied. Dié geleentheid, wat oor drie dae aangebied is, het op die ontwikkeling van leergeleenthede gekonsentreer. Sinchrone sessies op MS Teams is afgewissel met asinchrone geleenthede vir deelnemers om in groepverband te werk en sodoende by mekaar te leer. Daarna kon deelnemers in die tweede semester hulle nuwe leergeleenthede (meestal aanlyn) in hulle onderskeie modules implementeer. In September het deelnemers weer aan 'n tussenfakulteitskontakssessie in 'n soortgelyke formaat deelgeneem. Hierdie sessie het deels oor die onderrig-en-leerkonteks by die US gehandel en deelnemers het uitstekende groepvoorleggings gedoen oor die onderskeie L&O-beleide van die US en hoe dit hulle individuele onderrig raak. 'n Toegespitste netwerkaktiwiteit het deelnemers in staat gestel om in klein groepies oor hulle onderrig te besin en in die proses by mekaar te leer. Op die laaste dag het die akademici hulle eerste onderrigfilosofieë aan die hand van hulle oordenkings opgestel.

Deelnemers het hierna met die laaste fase van PRONTAK voortgegaan, wat op 24 plakkaataanbiedings by die AvOL-konferensie op 4 November uitgeloop het. Hiervoor moes deelnemers in groepe verslag doen oor 'n aksienavorsingsprojek wat verband hou met die leergeleenthede wat hulle gedurende die tweede semester in een van hulle modules geïmplementeer het.

7.2 Kortkursus oor assessering

As deel van die professionalisering van akademici se onderrigrol, ontwerp SOL tans 'n kortkursus oor assessering, wat in Februarie 2021 van stapel gestuur sal word. Dít strook met institusionele en nasionale beleidsvereistes om akademici geleenthede te bied om in bevoegde assesserders te ontwikkel, en sodoende onderrig en leer in die hoër onderwys te versterk. Die amptelike aanvang van die kortkursus sal saamval met die beplande implementering van die US se hersiene Assesseringsbeleid in 2021. Die kursus sal geregistreer word as 'n formele US-kortkursus met ses krediete wat oor 12 weke aangebied sal word. 'n Hibridiese leerbenadering word beplan, wat persoonlike kontakssessies met aanlyn leer sal kombineer. Deelnemers vir die eerste inname sal in oorleg met alle fakulteite benoem word, en sal diepgaande terugvoering oor 'n aantal kursusaspekte moet voorsien.

7.3 Erkenning van uitnemende onderrig en leer

Die Viserektor (Leer & Onderrig) bied jaarliks die **eerstejaarsprestasietoekennings** aan. Dié geleentheid vereer toppresterder-eerstejaars, sowel as die dosente wat volgens hulle 'n groot impak op hulle eerstejaarsleerervaring gehad het. Die studente en dosente ontvang sertifikate en ruil gelukwensings- en dankiesêbriewe uit.

Die pandemie en die verbod op sosiale byeenkomste het die aanvanklike planne vir die eerstejaarstoekennings van 2020 heeltemal verander. Die geleentheid is uiteindelik op 20 Mei 2020 aanlyn via MS Teams aangebied.

Dr Antoinette van der Merwe, senior direkteur van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking, was die seremoniemeester en het die geleentheid amptelik geopen. Die Viserektor (Leer & Onderrig) het die gaste verwelkom, waaronder die 32 toppresterder-eerstejaars van 2019, hulle benoemde dosente,

dekane, visedekane sowel as die ouers van die pryswennerstudente. Die gasspreker was prof Thuli Madonsela, professor in Regsgeleerdheid en bekleër van die leerstoel in sosiale geregtigheid aan die US én Suid-Afrika se voormalige Openbare Beskermer. Prof Madonsela se toespraak het om die huidige uitdagings verbonde aan die COVID-19-pandemie en die institusionele, nasionale en internasionale ramptoestand gedraai. Sy het op almal 'n beroep gedoen om diegene rondom hulle so goed moontlik te ondersteun, dog ook intellektueel, emosioneel, geestelik en sosiaal sterk te bly in die strewe na 'n maatskaplik regverdig Suid-Afrika.

Hoewel die eerstejaarsprestasietoekennings nie met die gewone aandete en saamkuier gepaardgegaan het nie, was dit nietemin vir die US belangrik én aangenaam om die prestasies van ons studente en hulle spesiale band met inspirerende dosente te vier.

Uitmuntende aansoeke is vanjaar vir die **Toekennings vir Voortreflike Onderrig** ontvang. Die keuringskomitee het op 27 Oktober via MS Teams vergader, en was besonder beïndruk met die toewyding, professionalisering, innovasie en diep selfbesinning wat uit alle kandidate se onderrigportefeuljes geblyk het. Uiteindelik is een prys in die kategorie "Uitgelese opvoeder" en sewe in die kategorie "Ontwikkellende opvoeder" toegeken. Alle aansoekers het ook terugvoering oor hulle portefeuljes ontvang.

Die toekennings vir 2020 gaan aan die volgende persone:

Uitgelese opvoeder

- Dr Margaret Blackie (Departement Chemie en Polimeerwetenskap, Fakulteit Natuurwetenskappe)

Ontwikkellende opvoeder

- Prof Alexander Andrason (Departement Antieke Studie, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)
- Dr Marenet Jordaan (Departement Joernalistiek, Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe)
- Dr Tobi Louw (Departement Prosesingenieurswese, Fakulteit Ingenieurswese)
- Mnr Juan Ontong (Skool vir Rekeningkunde, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)
- Dr Ilse Rootman-le Grange (Fakulteit Natuurwetenskappe)
- Dr Martin Venter (Departement Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese, Fakulteit Ingenieurswese)
- Dr Shantelle Weber (Departement Praktiese Teologie en Missiologie, Fakulteit Teologie)

Die toekennings sal teen die einde van 2020 by 'n virtuele plegtigheid "oorhandig" word.

8. SLOT


Die VS L&O het oor die afgelope agt jaar stelselmatig gebou aan strategieë ter ondersteuning van die US se institusionele oogmerke. Die implementeringsplanne van die VS is in die vorm van ooreenkomste met fakulteite, of inisiatiewe wat fakulteite self neem, gedagtig daaraan dat die verwesenliking van die US se visie en doelwitte vir leer en onderrig heelwat innovasie en dryfkrag van die bestuur, PASD-omgewings én alle fakulteite sal verg.

Die uittredende Viserektor (Leer & Onderrig), prof Arnold Schoonwinkel, spreek graag sy dank en waardering uit teenoor kollegas in die fakulteite, die VS L&O en ander verantwoordelikhedsentrusse vir hulle bydraes om uitnemende leer en onderrig aan die US te bevorder. Dit was 'n groot voorreg om vir 28 jaar deel van die US-span te kon wees.

9. BYLAE A: Struktuurveranderinge in die VS L&O 2012–2020


Die volgende organigramme toon die organisatoriese struktuurveranderinge in die VS L&O oor die tydperk 2012 tot 2020.

Die organisatoriese struktuur van die VS L&O in 2012, toe die huidige Viserektor (Leer & Onderrig) aangestel is, verskyn in **Figuur 15**.




Figuur 15: Organigram van VS L&O in 2012

Die organisatoriese struktuur van die VS L&O ná herstrukturering in 2013 word in **Figuur 16** getoon. Die doel met daardie herstrukturering was om die afdelings meer funksioneel te organiseer en korter verslagdoeningslyne te bewerkstellig.



Figuur 16: Organigram van VS L&O in 2013

Figuur 17 toon die organisatoriese struktuur van die VS L&O in 2019, nadat die Registrateursafdeling se verslagdoeningslyn na die Rektor, en Institusionele Navorsing en Beplanning na die nuwe VS vir Strategie en Internasionalisering, verskuif is.



Figuur 17: Organigram van VS L&O in 2019

Die VS L&O se organisatoriese struktuur is in 2020 verder toegespits om op slegs Studentesake en Leer- & Onderrigverryking te konsentreer nadat die sentrums van die Afdeling Studentetoeegang na verbandhoudende funksionele areas in ander verantwoordelikhedsentrums verskuif is, naamlik:

Na die Registrateursafdeling:

- Sentrum vir Toelating en Koshuisplasing
- Kontak- en Kliëntedienssentrum


Na die Bedryfshoof:

- Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings

Na Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking:

- Studentewerwing en Loopbaanadvies

Die huidige organigram van die VS L&O verskyn in **Figuur 18**.



Figuur 18: Organigram van VS L&O in 2020

10. BYLAE B: L&O-infrastruktuurontwikkeling 2012–2020


'n Voortreflike aantal nuwe fasiliteite vir leer en onderrig sowel as vir studentegemeenskappe is oor die tydperk 2012 tot 2020 tot stand gebring. Die Viserektor (Leer & Onderrig) en kollegas in die VS L&O was betrokke by die skryf van menige finansieringsaansoek (wat eksterne finansiering insluit), finansiële bydraes uit die VS se reserwes, en die detailbeplanning van fasiliteite om optimale funksionaliteit vir leer en onderrig of vir studentegemeenskappe te verseker.

Die fotocollage hieronder bied 'n oorsig van die uitstekende toevoegings tot die US se L&O-verwante fisiese infrastruktuur. Groot dank en erkenning is verskuldig aan die Afdeling Fasiliteitsbestuur vir hulle nougesette projékbestuur en gehalteversekering.

Den Bosch



Die amaMadies-hub



Libertas (nou Capri) en Equité HK-huise



LLL Village



Huis Russel Botman en Wimbledon-hub



Irene



Huis Marais



Huis Visser



Helshoogte



Goldfields-kombuis



Nkosi Johnson (Tygerberg)



Murraystraat 14



Bosmanstraat 11 (Sentrum vir Studentegemeenskappe)



Bosmanstraat 15A (Afdeling Studentesake)



Jan Mouton Leersentrum



Huis ten Bosch



Ingangsportale by fakulteitsgeboue



Lettere en Sosiale Wetenskappe



Opvoedkunde

11. BYLAE C: Chronologie van vernaamste gebeure in die Afdeling Studentesake oor die tydperk 2012–2020

Die onderstaande dien as 'n insiggewende rekord van die belangrikste aktiwiteite wat gedurende die termyn van die Viserektor (Leer & Onderrig) in die Studentesake-omgewing plaasgevind het.

Sentrum vir Studentegemeenskappe

Die Koshuisplasingsbeleid

Die US se gewysigde Koshuisplasingsbeleid, wat in 2014 aanvaar is, is onomwonde daartoe verbind om koshuisinwoners te diversifiseer. Die beleid was nie sonder sy kritici nie. Die US se uitgangspunt is dat diversiteit uitnemendheid bevorder, en dat koshuise 'n ideale geleentheid bied om studente uit verskillende omstandighede te laat saamleef en by mekaar te laat leer.

Die Koshuisplasingsbeleid van 2014 het akademiese meriete as 'n plasingskriterium behou. Daarbenewens het die US egter ook teikens gestel vir studente uit verskillende bevolkingsgroepe, met die klem op studente wat sosio-ekonomiese benadeling ervaar het, en op huistaalverskeidenheid. 'n Belangrike doelwit met die beleid is om meer eerstejaarsinwoningsplekke beskikbaar te stel. Daarom het die beleid vir die eerste keer perke gestel aan verblyfduur. Voorgraadse studente kan byvoorbeeld slegs vir die normale duur van hulle graadprogramme in die koshuis aanbly, tensy hulle in 'n formele leiersamp in die koshuis verkies word.

Verbetering van privaat studente se universiteitservaring

Die huisvestingstendens het sedert die vorige dekade handomkeer verander, met slegs ongeveer 'n kwart van US-studente wat tans in koshuise tuisgaan. Die res woon in privaat verblyf naby kampus of pendel daagliks. Hierdie studente is by Privaatstudenteorganisasie- (PSO-)wyke ingedeel. Die US het oor die afgelope agt jaar van besoekende PSO-hoofde na PSO-koördineerders beweeg, wie se invloedseer ook aansienlik uitgebrei is. Dit het onder andere die akademiese suksesgaping tussen eerstejaars in koshuise en hulle privaat eweknieë help vernou.

Uitbreiding van die mentorstelsel

Die koshuismentorstelsel, waarvolgens senior studente aangewys word om na nuwelinge om te sien, is van 'n "deeltydse fokus" in 'n formele struktuur met 'n voltydse personeelid omskep. Die US het ook die BeWell-terugvoerstelsel ontwikkel om tred te hou met studente-assistente se mentordienste en nuwelinstudente se benutting van die ondersteuningsmeganismes tot hulle beskikking.

Formele erkenning van waardegedrewe bestuur

In plaas daarvan om voortdurend reëls by te voeg, het die Sentrum vir Studentegemeenskappe die afgelope vyf jaar leiding geneem om koshuise en PSO-wyke op hulle eie waardes te laat ooreenkom wat met die US-waardes strook. Jaargesprekke word dan gevoer om te bepaal in watter mate dié omgewings aan hulle eie waardes voldoen. Sodoende kon 'n veel meer verwelkomende kultuur teenoor nuwelinge en die verskillende kultuur-, geloofs- en gendergroepe ontwikkel word. Dit was wél nodig om in 2015 baie spesifieke kwessies uit te lig en gedrag te verbied wat met onaanvaarbare verwelkomingspraktyke verband hou.

Hantering van studenteprotes, en die sukses van 'n gesprekskultuur

Die jare 2015 en 2016 is op kampusse landwyd deur studenteprotes gekenmerk. Studente het geldige kwessies geopper, soos hoë studiekoste, uitsluiting deur taal, swak veiligheid, gendergeweld, ensovoorts. Met die hulp van studenteleiers, die Afdeling Studentesake en verskillende US-bestuurstukture kon die meeste kwessies deur gesprek, wedersydse begrip en praktykveranderinge

hanteer word. Soms was studentedissipline wél nodig weens onaanvaarbare gedrag gedurende protes, maar dit was die uitsondering by die US. Die Universiteit het as 'n gemeenskap leer saamwerk, waardevolle lesse geleer, aangepas, en nie net oorleef nie, maar sterker anderkant uitgekóm. Die aanpassings kon gemaak word danksy 'n kultuur van gesprekvoering – 'n benadering waarvoor baie studente die US sedertdien geprys het.

Sentrum vir Studentevoorigting en Ontwikkeling (SSVO)

Omvattende noodsoorg (sedert 2016)

Die Universiteit Stellenbosch het 'n meer geïntegreerde en omvattende noodsoorg nodig gehad, veral uit 'n diensverskaffings-, voldoenings-, risikobestuurs-, regsmediese en litigasieoogpunt. Die styging in belanghebbendes se verwagtinge van noodsoorg, toenames in aanspreeklikheidseise, veranderinge in die kompleksiteit van mediese sorgverskaffing, wetsveranderinge in die vervoer van risikopasiënte en veranderinge in akute sorg het 'n hersiening van die US se krisisdienst vereis. Gevolglik is 'n omvattende, voltydse sielkundige en mediese noodsoorg, ER24, in 2016 tot stand gebring. Die diens is tot alle geregistreerde US-studente se beskikking.

Eenheid vir Gestremdhede

'n Veel omvattender benadering tot gelyke geleentheid vir studente en personelede met gestremdhede is sedert 2012 aan die US gevolg.

'n Toegewyde Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoefte (Gestremdhede) is in 2012 tot stand gebring. Daarna het 'n gesamentlike voorstel vir die Eenheid vir Gestremdhede, Fasiliteitsbestuur en HUMARGA gevolg met die oog op infrastruktuurontwikkelings om kampusfasiliteite vir personelede met gestremdhede te verbeter. Finansiering is van die US, die privaat sektor en die DHOO bekom.

In 2017 is die eerste Dowe studente tot die program BEd (Grondslagfase) in die Fakulteit Opvoedkunde toegelaat. Die US het die vermoë geskep om hierdie studente te ondersteun deur Suid-Afrikaanse Gebaretaal- (SAGT-)tolke te gebruik om studente in die klas, met leer én op kampus in die algemeen by te staan.

Aansienlike skenkerfinansiering is vir volkostebeurse vir studente met gestremdhede ontvang. Dit het ingesluit 'n hystoestel vir studente met fisiese gestremdhede, versorgersteun, ekstra rolstoel, gidshondsteunfooi en hulptechnologieë, sowel as akademiese tutors en ander buitekampussteun wat studente moontlik kon nodig kry.

Die US het in Junie 2017 sy eerste twee dae lange seminar aangebied waar universele toegang, universele ontwerp en universele ontwerp vir leer ondersoek is, en die kernbeginsels in die US se hersiene Beleid oor Gestremdheidstoegang verken is. Deelnemers aan die seminar het kenners oor gestremdheidsinklusiewe onderwys ingesluit, waaronder dr Judith Mackenzie van die Universiteit van Kaapstad en dr Elizabeth Dalton van die Verenigde State, wat in universele ontwerp vir leer spesialiseer.

Die volgende groot stap was toe die US se Beleid oor Gestremdheidstoegang in 2018 aanvaar is as die grondslag vir steun aan studente en personelede met gestremdhede.

Die Eenheid vir Gestremdhede het boonop in 2019 die eerste aflewering van Lei met Gestremdheid – 'n geakkrediteerde ko-kurrikulêre kursus vir studente – bekend gestel. Die jaar 2020 is tot die Jaar van Gestremdheid verklaar, en het ons 'n geleentheid gebied om te besin oor hoe die US sy steun aan studente en personelede met gestremdhede verbeter het, maar ook om te bepaal wat nog gedoen moet word.

Die Eenheid vir Gelykwaardigheid

Die US Raad het op 26 September 2016 die Universiteit se eerste Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering aanvaar. Die Eenheid vir Gelykwaardigheid (EvG) is geskep om gesamentlike optrede aan te moedig in die strewe na maatskaplike geregtigheid en gesprek oor maatskaplike ongelykhede by die US. Die EvG vervul 'n kernrol om gevalle van geslagsgebaseerde geweld en vorme van onbillike diskriminasie onder studente en personeellede aan die US te ondersoek.

Sentrum vir Studenteleierskap, Ervaringgerigte Opvoeding en Burgerskap (SSLEOB)

Die SSLEOB is in 2016 geskep en 'n direkteur is in September van daardie jaar aangestel. Die Sentrum se werk draai om studenteleierskapsontwikkeling en die ko-kurrikulêre vermoëbou (die buiteklaservarings) van studente. Dit was duidelik dat baie van die gewenste US-graduandi-kenmerke doelgerig deur 'n meer formele ko-kurrikulêre program ontwikkel kon word. Trouens, die US het reeds heelwat sulke kursusse gehad. 'n Ko-kurrikulumerkenningskomitee met die Registrateur as voorsitter is derhalwe in 2017 saamgestel om studente formele erkenning te gee vir werk buite hulle akademiese programme, d.w.s. ko-kurrikulêre kursusse en (leierskaps)dienste aan die studentegemeenskap. Die US reik sedert 2018 ko-kurrikulêre transkripte aan gegradueerdes uit, wat saam met die akademiese transkrip as 'n waardevolle getuigskrif dien wanneer hulle die arbeidswêreld betree of elders verder gaan studeer.

Die Sentrum het in 2018 'n Ko-kurrikulumbevoegdheidsraamwerk ontwikkel wat studente bepaalde aktiwiteite help kies om formele erkenning te ontvang vir die ontwikkeling van bepaalde persoonlike, mense-, aanpasbare denk- en werksgebaseerde vaardighede. Die US volg sedert 2020 'n omvattender benadering tot ko-kurrikulêre deelname deur doelbewus maniere te beplan waarop studente ook buite die klaskamer geleenthede vir ervaringgerigte opvoeding kan kry.

Wat studentebestuur betref, het die Sentrum in 2017 'n meer toegespitste proses aanvaar om die formele studenteleierskapstruktuur met leiding en opleiding by te staan. Die SSLEOB werk sy aan sy met die SR, TSR en die Militêre Akademie Studenteraad om hulle so doeltreffend moontlik in hulle portefeuljes én hulle skakeling met die US-bestuur te help funksioneer. 'n Studentebestuurstrategie is bekend gestel wat oor etiese leierskap en etiese bestuur handel, en wat 'n verantwoordbaarheid- en verantwoordelikhedsraamwerk skep aan die hand waarvan SR- en TSR-prestasie beoordeel word. Die US beskik oor uitmuntende studenteleiers, wat heelwat baat vind by die ontwikkelingsgeleenthede wat die SSLEOB hulle bied.

12. BYLAE D: Chronologie van vernaamste gebeure in die Afdeling Leer- en Onderrigverryking oor die tydperk 2012–2020

Die onderstaande dien as 'n insiggewende rekord van die belangrikste aktiwiteite wat gedurende die termyn van die Viserektor (Leer & Onderrig) in die omgewing van Leer- en Onderrigverryking plaasgevind het.

2013

Sentrum vir Leertegnologieë word in 'n samesmelting met die Departement Interaktiewe Telematiese Dienste geskep

Eerste kortkursus oor gemengde onderrig en leer

Klem op graduandi-kenmerke (met Simon Barrie se besoek)

Universiteit verander sy leerbestuurstelsel na Moodle (SUNLearn word gebore)

2014

Raadsgefinansierde projek IKT in O&L begin

IKTOL-komitee word saamgestel

Netwerk oor die “glokale klaskamer” vind plaas

Eerste gemengdeleerkoördineerder- (GLK-)vergadering

2015

Aanstelling van eerste GLK's

Leer- en Onderrigverryking se eerste O&L-seminare begin

NGDip IKT's in O&L in HO begin as deel van die NGDip in O&L in HO

2016

Ateljee word van standaard- tot hoë definisie opgegradeer

Die US se eerste massiewe oop aanlyn kursus (“MOOC”), “Teaching for Change”, word ontwikkel en op die FutureLearn-platform beskikbaar gestel

2017

Toegespitste akademiese programvernuwing (Gilly Salmon, US-wye aanvang)

2018

Telematiese Skoleprojek wen silwer by die premier se toekennings vir uitnemende diens in die kategorie vir “Beste geïmplementeerde projek”

Eerste Afrika Digitale Universiteitsnetwerk- (ADUN-)kollokwium

Sentrum vir Leertegnologieë ontwikkel SENWET se eerste ten volle aanlyn kortkursus oor doktorale studieleiding

2019

ADA-kursus oor onderrig in die digitale wêreld begin in Julie

2020

Telematiese Skoleprojek stel gratis webtuiste landwyd bekend

Tweede Afrika Digitale Universiteitsnetwerk- (ADUN-)kollokwium

Institusionele inisiatief vir hibridiese leer begin